# DEEL II.

# DIE REDEDELE.

## HOOFSTUK IV.

Die woorde wat ons in ons taal gebruik, word verdeel in soorte of klasse wat ons **Rededele** noem, d.i. dele van ons **spraak**.

Alles waaroor ons kan praat, dink of skrywe, moet 'n naam hê. Dus kry ons die name van mense, diere, voorwerpe, plekke en begrippe. Sulke name noem ons **Selfstandige Naamwoorde**. Voorbeelde van selfstandige naamwoorde: **Jan**, **Gert**, **hond**, **perd**, **muur**, **dak**, **straat**, **tuin**, **Wellington**, **Pretoria**, **gedagte**, **gewete**, **hoogmoed**, ens.

By die selfstandige naamwoorde kry ons gewoonlik die woordjies **'n** en **die**: **'n man**, **die boom**, **'n tafel**, **die huis**, ens.

Hierdie woordjies **'n** en **die** noem ons **Lidwoorde**.

Verder kan ons ook nog woorde gebruik om iets te vertel omtrent 'n selfstandige naamwoord, om hom nader te beskrywe: 'n **groen** boom, 'n **swart** hond, 'n **groot** gebou, 'n **moeilike** les, ens.

Al sulke woorde wat 'n selfstandige naamwoord nader beskrywe of sy betekenis nouer omskrywe, noem ons **Byvoeglike Naamwoorde**.

As ons van mense of dinge praat, wil ons ook graag weet van **hoeveel** ons praat. Dan gebruik ons woorde soos **drie**, **vyf**, **tiende**, **baie**, **altwee**, **party**, **niks**, ens.

Sulke woorde wat vir ons die **getal** aangee, noem ons **Telwoorde**. Sover as 'n mens dus kan tel, noem jy altyd telwoorde.

As ons van 'n persoon of 'n ding praat, kan ons nie elke maal sy naam noem nie, want dan word dit naderhand te vervelig: ,,Jan loop skool-toe met Jan se boeksak op Jan se rug en Jan se lei in Jan se hand. Langs die pad ontmoet Jan Jan se vriend.'' In plaas van dus altyd die naam te noem, doen ons dit net eenmaal en gebruik daarna woorde om in die plek van die naam te staan: ,,Jan loop skool-toe met **sy** boeksak op **sy** rug en **sy** lei in **sy** hand. Langs die pad ontmoet **hy sy** vriend.'' Sulke woorde wat in die plek van selfstandige naamwoorde kan gebruik word, noem ons **Voornaamwoorde**.

Verder gebruik ons ook woorde om te vertel wat die persone of dinge **doen**, of in watter toestand hulle verkeer: die kind **speel**; die boek **lê** op die tafel; Piet **is** lui; die dag **is** mooi, ens. Hierdie woorde **speel**, **lê**, **is**, druk dus 'n **werking**, 'n **handeling**, of 'n **toestand** uit. Al sulke woorde noem ons **Werkwoorde**.

Maar ons wil ook weet **hoe**, **waar**, of **wanneer** die werking of handeling geskied: ,,Annie sing.'' Maar hoe, waar, of wanneer sing sy? ,,Sy sing **hard**, of **sag**, of **mooi**, of **lelik**; sy sing **hier**, of **daar**, of **digteby**, of **ver**; sy sing **vandag**, of **môre**,'' ens.

Sulke woorde wat vir ons iets van die handeling vertel, ons 'n beskrywing van die werkwoord gee, noem ons **Bywoorde**.

Tussen 'n selfstandige naamwoord en die naam vir 'n handeling, of tussen een selfstandige naamwoord en 'n ander bestaan daar dikwels 'n sekere **betrekking**: Piet sit **op** die bank; ons is **in** die stad; die hoed **van** pa. Hier bestaan daar 'n betrekking, 'n nou verband, tussen die **handeling** van Piet en die **bank**, tuseen **ons** en die **stad**, tussen **hoed** en **pa**, en die woordjies **op**, **in**, **van**, wys daardie betrekking aan en maak dit duidelik. Sulke

woorde wat die betrekking aanwys tussen 'n selfstandige naamwoord en 'n werkwoord, of tussen twee selfstandige naamwoorde, noem ons **Voorsetsels**. Hulle het nie betekenis as alleenstaande woorde nie, maar staan altyd in nou verband met 'n selfstandige naamwoord.

Daar is nog 'n soort woord wat gebruik word om sinne aanmekaar te koppel of met mekaar te verbind: „Oom Gert is al oud, **maar** hy lyk nog gesond **en** kan nog fluks werk." Hierdie woorde noem ons **Voegwoorde**, d.i. verbindingswoorde, omdat dit hulle werk is om ons gedagtes mooi met mekaar te verbind en dus ons spreek- en skryftaal vloeiender te maak.

Dan is daar nog 'n ander soort woord wat geen invloed op die ander woorde in 'n sin het nie, maar net gebruik word as uitroepe om ons gevoelens van pyn, vreugde, verbasing, teleurstelling, ens., weer te gee: **eina**! **hoera**! **O**! **ag**! **helaas**!

Sulke uitroepingswoorde noem ons **Tussenwerpsels**.

In Afrikaans het ons dus **tien** rededele: 1. die **Selfstandige Naamwoord**. 2. die **Lidwoord**. 3. die **Byvoeglike Naamwoord**. 4. die **Telwoord**. 5. die **Voornaamwoord**. 6. die **Werkwoord**. 7. die **Bywoord**. 8. die **Voorsetsel**. 9. die **Voegwoord**. 10. die **Tussenwerpsel**.

## OEFENING 5.

Benoem die rededele in die volgende sinne:

1. Die wind waai deur die bome.
2. Gister het die son helder geskyn, maar vandag reën dit hard.
3. In ons skool is daar vierhonderd kinders; party is jongetjies en party meisies.
4. Daar lê 'n potlood op die grond.
5. Bertus, kom hier, ek wil vir jou 'n storie vertel.

6. Oom Gert het 'n groot klomp skape op sy plaas in die Karo.
7. Verlede jaar was ek op Pretoria, en daar het ek veertig ossewaens op die markplein gesien.
8. Allewêreld, maar jy is 'n sterk kêrel! Ja, hy is so sterk soos Simson.
9. Eina, Piet, jy maak vir my seer.
10. In die lente is al die mense en al die diere vrolik: dan sing die voëltjies, die lammetjies spring, en die kalfies speel.

---

## HOOFSTUK V.

## VERBUIGING.

As ons 'n stuk yster neem en ons **verbuig** hom, dan beteken dit dat ons sy **vorm** verander. So kan die smid 'n reguit stuk yster verbuig in 'n hoefyster of 'n hak. Net so kan ons ook party van die rededele verbuig deur hulle **vorm** te verander om 'n **verandering van betekenis** aan te toon.

So het die woord **arm** 'n ander vorm en ook 'n ander betekenis as die woord **arms**. Verbuiging by rededele is dus 'n verandering in die vorm van 'n woord om 'n verandering in sy betekenis aan te dui.

Ons sal nou sien op watter verskillende maniere party van die rededele kan verbuig word.

**Selfstandige Naamwoorde**: As ons die naam van 'n mens of 'n dier gebruik, wil ons graag weet wat die **geslag** van so 'n lewende wese is. Praat ons nou van 'n **koning** of 'n **prins**, dan weet ons hulle behoort aan

die manlike geslag, maar praat ons van 'n **koningin** of **'n prinses**, dan weet ons weer hulle behoort aan die vroulike geslag.

As ons verder die woorde **boom**, **kalf**, **vrou**, gebruik, dan weet ons daar is sprake van net een van elke soort; maar as ons die woorde **bome**, **kalwers**, **vrouens**, gebruik, dan weet ons dadelik dat daar sprake is van meer as een uit elke soort. Ons kan dus ook 'n selfstandige naamwoord se vorm verander om verskil in **getal** uit te druk.

'n Selfstandige naamwoord kan dus verbuig word om verskil in **geslag** en **getal** aan te dui.

**Byvoeglike Naamwoorde**: (a) Piet is 'n **arm** man, want hy besit byna niks; (b) Piet, die **arme** man, het sy vrou verloor.

In hierdie twee sinne word die byvoeglike naamwoord **arm** in twee verskillende vorme, en in twee verskillende betekenisse gebruik. Die byvoeglike naamwoord kan dus verbuig word deur aanvoeging van **-e**.

,,Gert is **groot** vir sy ouderdom, Jan is **groter**, maar Klaas is die **grootste**.''

Hier word drie seuns vergelyk wat hulle grootte betref, en die vorm van die byvoeglike naamwoord **groot** word in elke geval verander om die verskillende grade van grootte aan te dui. Die byvoeglike naamwoord kan dus ook verbuig word vir **trappe van vergelyking**.

**Voornaamwoorde**: Net soos selfstandige naamwoorde, word die voornaamwoorde ook verbuig om verskil in **geslag** en **getal** aan te toon: (a) **Sy** het **haar** hoed vergeet. (b) **Hy** het **sy** boek verloor. In (a) is daar sprake van 'n vroulike wese, en in (b) van 'n manlike.

Verskil in **getal** kom in die volgende sinne uit: (a) **Ek** gaan voetbal speel, gaan julle saam? (b) **Ons** het hom nog nooit gesien nie. (c) **Hulle** sal vir **jou** slaan.

Voornaamwoorde word ook verbuig om die verskil in **persoon** aan te dui. Let op die volgende drie sinne: (a) **Ek** en my broer gaan eers swem, en daarna gaan **ons** eet. (b) **Jy** en Gert kan saamgaan as **julle** wil. (c) **Hy** en **sy** sal nie goed met mekaar klaarkom nie, want **hulle** maak altyd rusie.

In (a) is **ek** en **ons** in die **eerste** persoon, omdat dit die mense aandui wat praat; in (b) is **jy** en **julle** in die **twede** persoon, omdat dit die mense aandui wat toegespreek word; en in (c) is **hy, sy,** en **hulle** in die **derde** persoon, omdat dit die persone aandui van wie daar gepraat word. Let daarop dat die **vorm** van die voornaamwoord in die verskillende persone **verskillend** is, d.i. verbuig is.

Let verder op die volgende sinne: (a) **Hy** slaan vir Gert. (b) Gert slaan vir **hom.**

In (a) staan **hy** in 'n sekere betrekking tot die werking en tot Gert, maar in (b) staan **hy** in glad 'n ander betrekking tot die handeling en tot Gert. En daardie verandering in betrekking word aangedui deur 'n verandering in die vorm van die voornaamwoord. Die vorm wat 'n voornaamwoord aanneem om sy betrekking aan te dui tot die ander woorde in 'n sin, noem ons sy **naamval.** Voornaamwoorde word dus ook verbuig om verskil in **naamval** aan te dui.

So kan ons 'n voornaamwoord verbuig om verskil van **geslag, getal, persoon** en **naamval** aan te toon.

**Werkwoorde**: Die verbuiging wat werkwoorde ondergaan, noem ons **vervoeging.**

(a) Piet **slaan** die Kaffer. (b) Piet **word** deur die Kaffer **geslaan.**

As ons hierdie twee sinne met mekaar vergelyk, dan sien ons dat **Piet** in altwee gevalle die vernaamste persoon is van wie ons praat, maar dat hy heeltemal anders staan ten opsigte van die handeling in (a) as in (b).

In (a) **verrig** Piet die handeling, maar in (b) **ondergaan** hy dit. Die verandering van Piet se betrekking tot die handeling word aangetoon deur die verandering in die **vorm** van die werkwoord. So 'n vormverandering by 'n werkwoord noem ons **Vorm**. **Vorm** is dan die verandering wat 'n werkwoord ondergaan om aan te toon of die persoon of ding van wie ons praat, die werking verrig, of wel die werking ondergaan.

Ons kan die handeling ook op verskillende **maniere** uitdruk: (a) Piet **is** soet. (b) Piet, **wees** soet! (c) **Mag** Piet soet **wees**! Hier word die werkwoord ook verander om die veranderde manier van uitdrukking aan te toon. So 'n verandering wat 'n werkwoord ondergaan om aan te toon die **manier** waarop 'n handeling geskied, noem ons **Wyse**.

Verder kan ons ook deur verandering van die werkwoord aantoon **wanneer** 'n handeling plaasvind: (a) Ons seuns **speel** voetbal. (b) Ons seuns **sal** voetbal **speel**. (c) Ons seuns **het** voetbal **gespeel**.

In (a) wys die werkwoord duidelik dat die handeling nou, op hierdie oomblik, plaasvind; in (b) dat dit in die toekoms sal gebeur; en in (c) dat die handeling al verby is, d.i. dit in die verlede plaasgevind het.

So 'n verandering wat 'n werkwoord ondergaan om aan te toon **wanneer** 'n handeling plaasvind, noem ons **Tyd**.

'n Werkwoord word dus vervoeg om 'n verskil aan te toon in **Vorm**, in **Wyse**, en in **Tyd**.

**Bywoorde** word net verbuig vir

**Trappe van Vergelyking**: (a) 'n Kar gaan **vinnig**, 'n trein gaan **vinniger**, maar 'n lugskip gaan die **vinnigste**. (b) Danie speel **goed** voetbal, Koos speel **beter**, en Dawid speel die **beste**.

Die ander rededele ondergaan geen verbuiging in Afrikaans nie; hulle vorm bly onveranderd.

# HOOFSTUK VI.

## DIE SELFSTANDIGE NAAMWOORD.

Die name van mense, diere, plekke, voorwerpe en begrippe noem ons selfstandige naamwoorde.

Hulle word ook in verskillende klasse of soorte verdeel.

**Albert**, **Abraham**, **Bloemfontein**, **Frankryk** — dit is almal die name van besondere mense of plekke om hulle te onderskei van ander mense of plekke. Dit is spesiale name wat net aan een mens of plek behoort. Sulke name wat so te sê die besondere eiendom van iemand of iets is, noem ons **Eiename**.

Sulke eiename word altyd met 'n hoofletter geskrywe, en ons tref hulle in die volgende gevalle aan:

(a) **Name van mense en diere**: Jan, Annie, Koos, Maria, Swartland, Kolbooi, Bles, ens.

(b) **Geografiese eiename** (d.i. name van lande, dorpe, berge, baaie, volke, ens.): Engeland, Suid-Afrika, Durban, Kimberley, Drakensberge, Tafelbaai, Kaap Agulhas, Afrikaners, Duitsers, Australiërs, ens.

(c) **Name van godsdienste, genootskappe, sektes, partye, beweginge**, ens.: Protestantisme, Metodiste, Boere-Saamwerk Beperk, Unioniste-Party, Bolsjewisme, ens.

(d) **Name van maande, week- en feesdae**: September, Sondag, Krismis, Uniedag, ens.

(e) **Name van tydskrifte en boeke**: Die Huisgenoot, Die Brandwag, De Volkstem, Die Burger, Boesmanstories, Noordwaarts, Die Hoop van Suid-Afrika, ens.

**Man, vrou, kind, hoender, skaap, berg,** — hierdie woorde noem vir ons die **algemene** name van mense, diere of dinge wat aan dieselfde klas of soort behoort. So vertel die woord **man** vir ons dat die draer van daardie naam aan 'n seker **klas** of **soort** mense behoort, dat 'n **skaap** aan 'n seker **klas** of **soort** diere behoort, ens. Sulke **algemene benaminge** wat aandui tot watter klas die indiwidu behoort, noem ons **Gemeen-Selfstandige Naamwoorde.**

**Trop, vloot, leër, swerm, bende, skaar** — hierdie woorde dui die name van **versamelinge** aan; en sulke name wat 'n groep indiwidue aandui wat as 'n eenheid beskou word, noem ons **Versamelwoorde.**

**Goud, silwer, yster, diamant, steenkool, sand, suiker, tee** — hierdie woorde gee vir ons die name van materiale of stowwe aan, en ons noem hulle dan ook **Stofname.**

Daar is 'n wesenlike verskil tussen stofname en gemeen-selfstandige naamwoorde, want stofname dui nie die naam van 'n indiwidu uit 'n klas of soort aan soos b.v. **man,** of **tafel** nie. 'n Stofnaam dui die naam aan van die **materiaal** wat daar bestaan; **goud** dui al die goud in die wêreld aan; so ook **yster, koper, tee,** ens., terwyl die gemeen-selfstandige naamwoorde 'n lid van 'n sekere klas aandui: **kat** is 'n lid van 'n sekere klas of soort diere; **boom** is 'n lid van 'n sekere soort voorwerpe, ens.

**Mag, roem, eer, jeug, liefde, hoogmoed** — hierdie is ook name, maar glad 'n ander soort name as wat ons nog sover gehad het. Hierdie name het nie betrekking op **konkrete** dinge nie (d.i. wat ons met ons sintuie kan waarneem), maar op **afgetrokke** dinge of **begrippe** (d.i. waaroor ons net kan dink). Sulke name van abstrakte begrippe noem ons **Afgetrokke Selfstandige Naamwoorde.**

## OEFENING 6.

Klassifiseer die selfstandige naamwoorde in die volgende sinne:

1. Annie, waar is jou boek? In my boeksak, Pa.
2. 'n Generaal is aanvoerder van 'n leër, en 'n admiraal van 'n vloot.
3. In die Transvaal kry ons goud, yster, steenkool, lood en kwiksilwer.
4. Oom Chris is lid van die parlement.
5. By die begrafnis van wyle president Kruger was daar 'n baie groot skaar mense teenwoordig.
6. Ondankbaarheid en afguns is twee van die slegste kwale waaraan 'n mens kan ly.
7. Dit is 'n pragtige dag by die see, en die kinders speel op die sand.
8. In Tafelbaai lê 'n vloot handelskepe.
9. Watter tydskrif lees Jan daar? Dit lyk my dis ,,Die Huisgenoot," of anders ,,Die Brandwag."
10. In byna al die groot stede van ons land verskyn daar Hollandse koerante: in Kaapstad ,,Ons Land" en ,,Die Burger"; in Pretoria ,,De Volkstem" en ,,De Spectator"; in Bloemfontein ,,Die Volksblad" en ,,De Vriend des Volks"; en in Pietermaritzburg ,,Die Afrikaner."
11. Ons bewonder dapperheid, maar verag lafhartigheid.
12. Die liefde van daardie moeder vir haar kinders is baie groot.
13. In die laaste oorlog het die Duitsers, die Oostenrykers en die Turke geveg teen die Engelse, die Franse, die Russe en die Italiane.

## I. GESLAG.

In Afrikaans het net lewende wesens, d.i. mense of diere, **geslag**. 'n Mens of 'n dier van die manlike sekse noem ons **manlik**: **man**, **seun**, **koning**, **bul**, **haan**, ens.; en van die vroulike sekse **vroulik**: **vrou**, **dogter**, **koningin**, **koei**, **hen**, ens.

Name wat kan toegepas word op manlike en vroulike wesens, noem ons **Gemeenslagtig**: **mens**, **kind**, **vreemdeling**, **hond**, **perd**, **skaap**. Uit hierdie name kan ons nie sê of die wesens manlik of vroulik is nie.

Lewenlose voorwerpe, soos **paal**, **huis**, **boom**, **klip**, **dorp**, ens., het geen sekse nie, en wat geslag betref, noem ons hulle **Onsydig** of **Geslagloos**.

In die geval van lewende wesens kan die vroulike vorm onderskei word van die manlike op die volgende drie maniere:—

1. Deur **agtervoegsels**:

(a) **-in**:

god — godin
held — heldin
hertog — hertogin
Jood — Jodin
keiser — keiserin
koning — koningin
Kristen — Kristin
slaaf — slavin
vors — vorstin
vriend — vriendin
graaf — gravin

(b) **-es**:

baron — barones
bedelaar — bedelares
dienaar — dienares
digter — digteres
onderwyser — onderwyseres
priester — priesteres
prins — prinses
sanger — sangeres
sondaar — sondares
voog — voogdes

(c) **-ster** (gewoonlik met stamme van werkwoorde):

bakker — bakster
breier — breister
kleermaker — kleermaakster
koper — koopster
spreker — spreekster
voorsitter — voorsitster
werker — werkster *

(d) **-e**:

eggenoot — eggenote
president — presidente
sekretaris — sekretaresse
tesourier — tesouriere

(e) **-iese** (met vreemde naamwoorde in -or, -eur):

akteur — aktriese
direkteur — direktriese
donateur — donatriese
eksaminator — eksaminatriese
inspekteur — inspektriese

2. Deur **voorvoegsels**: In die geval van diere, waar daar geen ander aanwysing is vir manlik of vroulik nie, gebruik ons die woorde **mannetjie** en **wyfie**:

mannetjie-eend — wyfie-eend
mannetjieleeu — leeuwyfie
mannetjietier — tierwyfie
mannetjievolstruis — volstruiswyfie

3. Deur die gebruik van **aparte woorde** vir die manlike en die vroulike:

baas — nôi, nooi
broer — suster
bruidegom — bruid
buurman — buurvrou
heer — dame
jong — meid
jongetjie — meisie
jongetjiekind — meisiekind
man — vrou
mansmens — vroumens
monnik — non
neef — niggie
oom — tante
oupa — ouma
oujongkêrel — oujongnôi
pa — ma
peetoom — peetante
seun — dogter
skoonbroer, swaer — skoonsuster
skoonvader — skoonmoeder
strooijonker — strooimeisie

* Hierdie vroulike vorme kom selde in Afrikaans voor.

| | |
|---|---|
| vader — moeder | hingsvul — merrievul |
| beer — sog | ram — ooi |
| bul — koei | bokram — bokooi |
| haan — hen | skaapram — skaapooi |
| hings — merrie | |

Die volgende selfstandige naamwoorde is **gemeenslagtig** en kan dus manlik of vroulik wees:

| | | |
|---|---|---|
| gade | tweeling | hond |
| getuie | vreemdeling | perd |
| huisgenoot | wees, weeskind | lam |
| landgenoot | bees | skaap |
| leerling | bok | vark |
| lidmaat | hoender | dief |

Verder word die verskil in geslag aangedui deur die voornaamwoorde **hy**, **sy**, **dit haar**, **syne**, **hare**, **hom**, ens.

Die kind het **sy** kop gestamp. My reisgenoot het **haar** sambreel in die trein vergeet. Ons landgenoot het **hom** baie sleg gedra in die vreemde land.

## OEFENING 7.

Vervang die vorm van die vroulike deur dié van die manlike en omgekeerd:

1. Die seun van die koning is ’n prins.
2. My vriend het sy hoed vergeet.
3. Die baron het ’n mooi vrou.
4. My oom is al oud, maar hy is nog sterk.
5. Daardie digter skrywe mooi gedigte.
6. My onderwyser is ’n jong man.
7. My vader het ’n sekretaris om hom te help.

8. Die inspekteur was by ons skool.
9. Die arme bedelaar vra vir my neef geld.
10. Daardie sangeres kan baie mooi sing.
11. Die held het die wolf doodgemaak.
12. Sy eggenote is baie siek.
13. Die boer is 'n goeie bakker.
14. Die sekretaris van ons vereniging is ook tesourier.
15. Die Jodin het vir haar dogter 'n present gegee.
16. Sy is 'n goeie aktriese.
17. Daardie dame is 'n heldin.
18. Die jongetjie het sy ma lief.
19. Môre, Baas.
20. My buurman se haan is dood.
21. My swaer het baie neefs.
22. Die vors van Engeland is Keiser van Indië.
23. Die leeu het drie beeste van my oom gevang.
24. My oupa is voog oor die dogtertjie van sy vriend.
25. In die ou tyd het elke koning 'n hele klomp slawe aangehou.
26. Die baron het gevoel dat hy 'n groot sondaar was, en het dus monnik gaan word.
27. Daardie digter is ook 'n goeie spreker, maar tog is hy 'n mislukking as voorsitter van 'n groot vergadering.
28. Daardie heer sal een van die dae 'n gelukkige eggenoot wees, want hy trou met die dogter van ons goeie buurman.
29. My swaer het 'n baie mooi present vir sy skoonmoeder gestuur.
30. My niggie het verlede week lidmaat van die Gereformeerde Kerk geword.

## II. GETAL.

Getal is die vormverandering wat 'n selfstandige naamwoord ondergaan om aan te dui of daar sprake is van een indiwidu of voorwerp, of van meer as een.

Dui die selfstandige naamwoord net een indiwidu of voorwerp aan, dan staan dit in die **Enkelvoud**; dui dit meer as een aan, dan staan dit in die **Meervoud**: **hand — hande**; **arm — arms**; **boek — boeke**; **wa — waens**.

Die meervoud word gevorm deur **-e**, **-te**, **-s**, **-ers**, **-ere** agteraan die enkelvoud te voeg:

1. **Meervoude op -e**:

(a) Selfstandige naamwoorde met die klemtoon op die laaste lettergreep kry **-e** in die meervoud. Dit sluit ook eenlettergrepige naamwoorde in:

| | |
|---|---|
| boom — bome | bandiét — bandiete |
| pen — penne | dag — dae |
| lemóen — lemoene | stof — stowwe |
| manél — manelle | wolf — wolwe |
| parlemént — parlemente | knie — knieë |

As die klemtoon nie op die laaste lettergreep val nie, neem hulle **-s** in die meervoud:

| | |
|---|---|
| táfels | bésems |
| drónkaards | sóndes |
| wérkers | piésangs |

(b) Selfstandige naamwoorde op **-aris** kry ook **-e** in die meervoud:

sekretaris — sekretarisse    notaris — notarisse

(c) Uitsonderinge op reël 1:

(1) Eenlettergrepige selfstandige naamwoorde op **-lm** en **-rm**, word gewoonlik uitgespreek asof hulle

uit twee lettergrepe bestaan en neem derhalwe **-s** in die meervoud:

arm — arms
halm — halms
skelm — skelms
swerm — swerms

(2) Die volgende eenlettergrepige **selfstandige** naamwoorde neem **-s** in die meervoud:

broer — broers
man — mans
maat — maats, maters (makkers)
neef — neefs
oom — ooms
saal — saals (vir 'n perd)
seun — seuns
leeu — leeus
smid — smids
spreeu — spreeus

maar: **eeu — eeue.**

**Opm.** Selfstandige naamwoorde op beklemtoonde **-ee** kry net 'n deelteken op die laaste **e** in die meervoud:

see — seë
tree — treë

2. **Meervoude op -te**:

Party selfstandige naamwoorde op **f**, **g**, **p**, **s**, kry **-te** in die meervoud. Die rede hiervoor is dat hulle in Nederlands eindig op **ft**, **cht**, **pt**, **st**. In die enkelvoud word hierdie uitgangs-**t** in Afrikaans nie meer gehoor of geskrywe nie, maar in die meervoud word dit nog deeglik gehoor en dus ook geskrywe; hulle eindig dus op 'n **onegte f**, **g**, **p**, of **s**:

drif — drifte (hartstogte)
gif — gifte
nag — nagte
krag — kragte
vrag — vragte
vrug — vrugte
wag — wagte
amp — ampte
manuskrip — manuskripte
nes — neste
lus — luste
gees — geeste

Geen leidende reëls kan hier neergelê word vir die meervoude op **-te** nie. Die leerlinge moet net noukeurig oplet as hulle sulke woorde aantref by die lees. Dit is

net deur dikwels sulke woorde te lees en te gebruik dat ons hulle onreëlmatige vorm gewoon word.

Selfstandige naamwoorde wat op 'n **egte f, g, p,** of **s** eindig, kry nie **-te** in die meervoud nie.

Selfstandige naamwoorde wat eindig op 'n egte **f**, voorafgegaan deur 'n lang klinker, **ie, oe,** 'n tweeklank, of 'n medeklinker, verander die **f** in **w** in die meervoud:

graaf — grawe
kloof — klowe
wolf — wolwe
lyf — lywe
grief — griewe
hoef — hoewe
duif — duiwe
gleuf — gleuwe
gerf — gerwe

As die **f** voorafgegaan word deur 'n kort klinker, verander hy in **ww** in die meervoud:

stof — stowwe
straf — strawwe

By selfstandige naamwoorde wat eindig op 'n egte **g**, voorafgegaan deur 'n klinker of 'n tweeklank, val die **g** gewoonlik weg in die meervoud:

dag — dae
slag — slae
oorlog — oorloë
vlag — vlae
oog — oë
weg — weë
bedrag — bedrae

In sommige dele van ons land word hierdie **g** egter nog gehoor (soos **g** in Eng. „go") en ook nog geskrywe: **dage, oge, slage,** ens.

3. **Meervoude op -s**:

Selfstandige naamwoorde waarvan die laaste lettergreep swakbeklemtoond is, kry **-s** in die meervoud. Volledigheidshalwe sal ons hierdie algemene reël hier nader toelig:—

Behalwe die uitsonderinge opgenoem in § 1 (c), gaan die meervoud van die volgende selfstandige naamwoorde op **-s** uit:

(a) Selfstandige naamwoorde wat eindig op swakbeklemtoonde **-el**, **-em**, **-en**, **-er**, **-sel**, **-tel**:

| | |
|---|---|
| kêrel — kêrels | herder — herders |
| voël — voëls | leër — leërs |
| asem — asems | baksel — baksels |
| besem — besems | koeël — koeëls |
| laken — lakens | swaer — swaers |
| teken — tekens | winkel — winkels |
| baken — bakens | katel — katels |

(b) Selfstandige naamwoorde wat op 'n swakbeklemtoonde **-ing** eindig:

torings kussings voerings fraiings

Maar selfstandige naamwoorde op **-ing**, van werkwoorde gevorm, het gewoonlik twee meervoude:

| | |
|---|---|
| bewerkinge, bewerkings | ontdekkinge, ontdekkings |
| wandelinge, wandelings | opgrawinge, opgrawings |
| vergaderinge, vergaderings | oefeninge, oefenings |

Selfstandige naamwoorde op **-ling** en **-eling** kry gewoonlik **-e** in die meervoud:

| | |
|---|---|
| ellendelinge | nuwelinge |
| howelinge | sendelinge |
| jongelinge | volgelinge |
| leerlinge | vlugtelinge |

Daar is 'n sterk neiging by Afrikaners om liewers **s** te gebruik as meervoudsuitgang. Skrywers wat onder invloed van Nederlands staan, gebruik weer meer **e** as meervoudsuitgang. Vernaamlik met woorde op **-ing** is dit die geval. Hoe minder die Nederlandse invloed dus gevoel word, en hoe minder geleerd die woorde op **-ing** is, hoe sterker sal die neiging wees om **s** as meervoudsuitgang te besig. Party van ons skrywers gebruik konsekwent **s** as meervoudsuitgang by woorde op **-ing**, en **e** by woorde op **-ling**, maar hierdie gebruik is nog nie so algemeen dat dit as 'n reël kan neergelê word nie.

(c) Selfstandige naamwoorde wat op 'n swakbeklemtoonde **e** eindig:

| | | |
|---|---|---|
| klagtes | gedagtes | beloftes |
| gemeentes | geraamtes | |

Dit geld ook vir byvoeglike naamwoorde op **-e** wat as selfstandige naamwoorde gebruik word:

die swartes die grotes die rooies die jonges

(d) Vreemde woorde met die klemtoon op die laaste lettergreep het dikwels twee meervoude:

| | |
|---|---|
| majoors, majore | koepons, koeponne |
| direkteurs, direkteure | luitenants, luitenante |
| hotels, hotelle | offisiers, offisiere |

Soms neem hulle net **-s**:

akteurs ambassadeurs generaals kolonels

(e) Eiename kry **-s** in die meervoud, behalwe as hulle alreeds op -s uitgaan (en dus **-e** kry); en as hulle op 'n klinker uitgaan, kry hulle **'s**:

| | |
|---|---|
| die Hofmeyrs | die Naudé's |
| die Piets | die van der Merwe's |
| die Abrahams | die Swartse |
| die Hugo's | |

(f) Selfstandige naamwoorde op **-aal**, **-aar**, **-aard**, **-ier**, neem **s** as hulle mense, maar **e** as hulle voorwerpe aandui:

| | |
|---|---|
| generaals | lafaards |
| korporaals | wreedaards |
| wewenaars | barbiers |
| bedelaars | winkeliers, ens. |

maar:

| | |
|---|---|
| kwartale | riviere |
| gevare | papiere, ens. |

so ook:—

| | |
|---|---|
| barbare | Spanjaarde |

(g) Selfstandige naamwoorde op swakbeklemtoonde **-ee** en **-ie**. Onder hierdie klas val al die verkleinwoorde:

| | |
|---|---|
| weduwees | bokkies |
| skaduwees | boompies |
| stasies | jongetjies |
| redenasies | koninkies |

4. **Meervoude op -'s**:

Letters van die alfabet en selfstandige naamwoorde wat op 'n beklemtoonde **a** of **o** eindig, kry 'n **'s** in die meervoud:

| | | | |
|---|---|---|---|
| twee d's | vier m's | pa's | hoerá's |
| tabló's | buró's | kadó's | |

So ook vreemde woorde op **-ee**, **-i**, **-o**, **-u**:

| | | | |
|---|---|---|---|
| kafee's | impi's | duo's | parvenu's |

Maar gaan hulle op 'n swakbeklemtoonde **a** uit, dan kry hulle **s** volgens reël:

| | | |
|---|---|---|
| mássas | páddas | sófas |

5. **Meervoude op -ers** en **-ere**:

| | |
|---|---|
| gemoed — gemoedere | klip — klippers |
| gelid — geledere | lam — lammers |
| goed — goedere, goeters | lied — liedere |
| kind — kinders | maat — maters |
| kalf — kalwers | |

Hulle getal is maar klein, soos uit die lys hierbo blyk, en die meeste van hulle het onder invloed van die Bybel in ons taal gekom. Onder daardie invloed kry ons nog sulke uitdrukkinge:

kindere Israels; lammere van Sy kudde;

die volkere van die aarde, ens.

6. **Onreëlmatige meervoude**:

(a) Selfstandige naamwoorde wat eindig op 'n medeklinker, voorafgegaan deur 'n kort beklemtoonde klinker, verdubbel die slotmedeklinker in die meervoud as die klinker onveranderd bly: **pot — potte; tak — takke**. Maar die volgende selfstandige naamwoorde verander of verleng die stamklinker in die meervoud en verdubbel nie die slotmedeklinker nie:

| | |
|---|---|
| bad — baaie | God — gode |
| bedrag — bedrae | hof — howe |
| bevel — bevele | oorlog — oorloë |
| blad — blaaie | pad — paaie |
| dal — dale | slag — slae |
| dag — dae | spel — spele |
| gat — gate | vat — vate |
| glas — glase | verdrag — verdrae |
| gebed — gebede | vlag — vlae |
| gebrek — gebreke | weg — weë |
| gebod — gebooie | |

(b) Let ook op die volgende:

| | |
|---|---|
| deug — deugde | maag ('n meisie) — maagde |
| gevoel — gevoelens | nooi — nooiens |
| graf — grafte(s) | patát — patats |
| hemp — hemde | sog — sôe |
| jas — jasse, jaste | stad — stede |
| lewe — lewes, lewens | skip — skepe |
| jong — jonges | wa — waens |
| lid — lede | wese — wesens |
| maag (liggaamsdeel) — mage of mae | |

(c) Naamwoorde op **-heid** kry **-hede** in die meervoud:

waarheid — waarhede    swarigheid — swarighede

(d) Let op die volgende meervoude:

koopman — koopmans
timmerman — timmermans
werksman — werksmense
voorman — voormanne
staatsman — staatsmanne
stuurman — stuurmanne
Boesman — Boesmans
buurman — bure
Fransman — Franse
Engelsman — Engelse

(e) 'n Aantal selfstandige naamwoorde het meer as een meervoud:

bad — badde, baddens, batte
bed — bedde, beddens
brug — brugge, brûe
graf — grafte, graftes, grawe (verhewe taal)
klip — klippe, klippers
lewe — lewes, lewens
lid — lede, ledemate
mied, miet — miede miedens, miete
vark — varke, varkens
volk — volke, volkere
voorskoot — voorskote, voorskooie
vrou — vroue, vrouens
wig — wigge, wîe

(f) 'n Aantal het verskeie meervoude met verskil in betekenis:

bad — badde, baaie (warm bronne)
— badde, baddens, batte (huisraad)
blad — blaaie (van 'n boek)
blad, blaar — blare (van 'n boom)
blaar — blare (b.v. koorsblare)
drif — drifte (hartstogte)
— driwwe (by riviere)
goed — goedere (besittings)
— goeters (dinge)
hoop — verwagtinge
— hope (hoeveelhede)
las — laste (vragte, moeilikhede)
— lasse (voeë in houtwerk, ens.)

letter — letters (van die alfabet)
— lettere (letterkunde)
maat — maats, maters (makkers)
— mate (om mee te meet)
raad — raadgewings
— rade (besture)
rug — rugge, rugte (van die liggaam)
— rûens (randjies, heuwels)
saal — saals (om te perd mee te ry)
— sale (van 'n gebou: stadsale)
skof — skowwe (van 'n os)
— skofte (distansies, werktyd), soms ook skowwe

(g) 'n Paar verkleinwoorde het 'n dubbele meervoud:—

goedjie — goedjies, goetertjies
kalfie — kalfies, kalwertjies
klippie — klippies, klippertjies
lammetjie — lammetjies, lammertjies
maatjie — maatjies, matértjies

(h) Party selfstandige naamwoorde het geleende meervoude:

aanbod — aanbiedinge
beleg — belegeringe
bedrog — bedriegerye
doel — doeleindes
eer — eerbewyse
genot — genietinge
hoop — verwagtinge
leer — leerstellings (lere)
raad — raadgewings (rate)
seën — seëninge

'n Groot aantal selfstandige naamwoorde word gewoonlik net in die meervoud gebruik:

aanstellings (= fiemies)
harsings
hurke
groete
kaiings
komplimente (= groete)
koste, onkoste
masels
medisyne
pokkies
fraiings
toiings, ens.

Die volgende selfstandige naamwoorde het gewoonlik geen meervoudsvorm nie:

(a) **Eiename**:

Klaas, Moses, Bloemfontein, Ermelo, ens.

(b) **Stofname**:

goud, koper, silwer, suiker, ens.

(c) **Afgetrokke selfstandige naamwoorde**:

liefde, haat, hoogmoed, welsprekendheid, ens.

**Opm.** Sodra **eiename, stofname**, en **afgetrokke** selfstandige naamwoorde 'n meervoudsvorm aanneem, word hulle dadelik gemeen-selfstandige naamwoorde:

(a) Die **Hofmeyrs** is almal **Simsons**.

Hier staan „Hofmeyrs" dus vir 'n sekere **klas** mense met daardie naam; en „Simsons" beteken eenvoudig „sterk mense." Sodra 'n eienaam dus in die meervoud gebruik word, dui hy nie meer een spesiale indiwidu aan nie, maar 'n klas indiwidue wat almal daardie naam dra; d.i. hy word 'n **gemeen**-selfstandige naamwoord.

(b) „Loop haal die **ysters** by die smid." **Ysters** staan hier vir stukke yster, of vir voorwerpe uit yster vervaardig, en is dus 'n **gemeen**-selfstandige naamwoord.

(c) „Die generaal is oorlaai met **eerbewyse**." Hier is **eerbewyse** iets tasbaars, wat ons met ons sintuie kan waarneem, en dus nie meer afgetrokke nie.

Selfstandige naamwoorde wat **maat, gewig, hoeveelheid**, of **waarde** uitdruk, en voorafgegaan word deur 'n bepaalde hooftelwoord, word gewoonlik in die enkelvoudsvorm gebruik:

| | |
|---|---|
| drie **paar** kouse | sewe **voet** hoog |
| vyf **jaar** gelede | Jan is twintig **jaar** oud |
| tien **pond** sterling | die kamer is vier **tree** lank |

Maar sodra as ons die **maat**, **gewig**, **hoeveelheid**, of **waarde** as aparte eenhede beskou en nie as een geheel nie, word die meervoudsvorm gebruik: drie **pare** kouse, d.i. ons beskou dit as aparte pare, nie as een hoeveelheid nie; vyf lange **jare** gelede, d.i. ons dink oor die jare een vir een, en nie oor die vyf jaar as een periode nie; tien goue **ponde** sterling, d.i. ons tel die ponde een vir een.

## OEFENING 8.

Skryf die selfstandige naamwoorde in die volgende sinne in die meervoud:

1. Die predikant dra 'n manel.
2. Daar lê 'n brood op die tafel.
3. Die bedelaar vra 'n pennie.
4. Die sekretaris skrywe 'n brief.
5. Die meisie maak die raam oop.
6. My broer se tree is langer as myne.
7. Daar is 'n wolf in die skaapkraal.
8. As die wind waai, trek die stof.
9. My oog is 'n deel van my lyf.
10. Die moeder dra haar kind op haar arm.
11. Daar was 'n skelm in ons kamer.
12. My oom het 'n spreeu geskiet, maar my broer het 'n leeu doodgemaak.
13. Die perd trek 'n swaar vrag vrugte.
14. Die hen sit op haar nes.
15. Die voël sing in die boom.
16. Daar is 'n besem te koop in die winkel.
17. In die vergadering sit ek op 'n sagte kussing.
18. My tante het 'n belofte gemaak dat sy vir my 'n mooi jas sal gee.

19. Jan, kom span die perd voor die wa.
20. Die generaal gee vir die luitenant 'n bevel.
21. Daardie pad is maklik.
22. In die stad waai 'n vlag.
23. Die skip seil op die see.
24. Die timmerman maak 'n wa.
25. My buurman het 'n dogter en 'n seun.
26. Daardie man se vrou is 'n maand gelede dood.
27. Die vark is in die tuin.
28. Daar staan 'n meid op die land.
29. My maat se rug is seer; daarom gaan hy met sy pa na die bad toe.
30. Ons het gister 'n groot vergadering in die saal gehad.
31. Die Fransman het in die bergkloof gaan jag en net een spreeu geskiet.
32. Die ellendeling het die sekretaris van ons vereniging met 'n klip teen sy kop gegooi.
33. Ou seun, luister na die raad van jou pa.
34. Haar hoop is op die generaal en sy offisier gevestig.

## OEFENING 9.

Skryf die selfstandige naamwoorde in die volgende sinne in die enkelvoud:

1. Die genietinge van die lewe is maar kort.
2. Die jukke druk op die skowwe van die osse.
3. Kamele moet swaar laste dra.
4. Die kinders was hulle voete in die baddens.
5. Die Franse en die Engelse was groot vriende in die laaste oorlog.
6. Op die grafte van ons ouers staan gedenktekens.

7. Die lede van daardie vereniging is almal vrouens.
8. Die koeie het nie genoeg melk vir hulle kalwers nie.
9. Die jongetjies in ons skool dra kakiehemde.
10. Die dae is baie warm in die somer.
11. Daardie tantes se kinders het altyd klagtes oor hulle onderwysers.
12. In die kerke word daar gedurende oorloë gebede opgestuur tot die gode.
13. Die professore het met grawe in hulle tuine gewerk, en nou het hulle blare op hulle hande.
14. Die kalwertjies en die lammertjies hardloop dat die klippertjies so spat.
15. Ons bure se varkens is vir ons net laste.
16. Die werksmense sê hulle is moeg van al die bedriegerye van hulle base.
17. In die oorloë word die offisiere wat dapper veg, beloon met eerbewyse.
18. Toe ons in die stede kom, was die voetpaaie versier met vlae en wimpels.
19. Die lede van ons kerk kon hulle gemoedere nouliks tot bedaring bring.
20. Die kinders sing mooi liedere.

## III. NAAMVAL.

Selfstandige naamwoorde ondergaan geen vormverandering (d.i. verbuiging) om verskil van naamval aan te dui nie — dit geskied deur die posiesie van die naamwoord in die sin en deur middel van voorsetsels:

(a) **Die hond byt die kat.**

(b) **Die kat byt die hond.**

In (a) is **hond** in die 1ste naamval, en **kat** in die 4de; terwyl dit in (b) net andersom is. Maar die naamwoorde het geen verbuiging in die twee sinne ondergaan nie — hulle posiesie in die sin het net verander. So ook in hierdie twee sinne: (a) **Die boek lê op die pen.** (b) **Die pen lê op die boek.** In (a) is **boek** in die 1ste naamval, en **pen** in die 4de; in (b) is dit net omgekeerd. Hier wys die voorsetsel **op** die 4de naamval aan.

Die **eerste naamval** of **nominatief** dui die hoofpersoon of onderwerp aan van wie daar in die sin iets vertel word: **Jan** speel klavier; die **kat** slaap in die son; die **boom** dra vrugte.

Die **twede naamval** of **genitief** dui die besitter aan: daardie is **Piet se** tante; wie se boek is dit hierdie? dit is **Gert s'n**; die **man se** vrou is dood.

Die **derde naamval** of **datief** dui die persoon (of ding) aan van wie iets **geneem**, of aan wie iets **gegee** word, sonder die hulp van voorsetsels: Abraham gee die **perde** water; die boer gee sy **bome** mis; die diewe het die arme **man** al sy geld ontneem; jy beneem die **vrou** haar eer.

Die naam van 'n persoon (of ding) op wie die werking oorgaan, of wat ná 'n voorsetsel kom, staan in die **vierde naamval** of **akkusatief**:

My broer slaan die **hond**; die slagter slag die **os**; Piet klim in die **boom**; die seun sit op die **kar**; die son skyn in die **kamer**.

**Gebruik van die naamvalle**:

1. Die **eerste naamval**:

(a) Die **water** loop in die voor; die **voëls** sing in die bome. (Onderwerp van 'n sin.)

(b) **Piet**, loop haal die perde! **Kinders**, julle moet stil sit! Skyn helder ná die reën, **o son**!

Persone of dinge wat **aangespreek** word, staan altyd in die 1ste naamval (**aangesprokene**).

(c) **Jakob** is 'n **pure man**! **Klaas** lyk **'n bangbroek**. Sy **woorde** blyk die **waarheid**. My **seun** word **advokaat**.

Die werkwoorde **wees** (**is**), **lyk**, **blyk**, **skyn**, **bly**, **heet**, **word**, neem dieselfde naamval voor as agter hulle.

(d) Barend, **die grootprater**, het weggehardloop.

In hierdie sin gee die woord **grootprater** 'n nader beskrywing van Barend, en staan in dieselfde naamval as Barend. So 'n selfstandige naamwoord, of naamwoorde wat 'n verklaring of omskrywing van 'n ander gee, noem ons 'n **bystelling**, en dit staan in dieselfde naamval as die omskrewe naamwoord.

So ook: Alexis, **die generaal**, is onthoof; Napoleon, **die grote Keiser**, het 'n treurige uiteinde gehad; daardie leuenaar, **Gert**, jok alweer; die groot stad **Durban**; die eiland **Sieprus**.

2. Die **twede naamval**:

(a) Die **jagter se** hond is dood; **Annie se** pop is siek — **se** is dus 'n teken van die 2de naamval.

(b) Onder invloed van die Bybel kry ons nog baie uitdrukkinge waarin die ou 2de-naamvalsuitgange bewaar gebly is: **Jobs** geduld en **Salomo's** wysheid; **Daniëls** bende, ens.

Hier is die **s** 'n ou 2de naamvalsuitgang manlik.

(c) Dit is iets **moois**! Ek luister graag na iets **nuuts**.

In sulke uitdrukkinge is die **s** die uitgang van die **deelsgenitief** of **verdelingstwedenaamval**, d.i. **moois** = van mooi; **nuuts** = van nuut, ens.

3. Die **derde naamval**:

Leen **my** jou mes; vertel **ons** die nuus; jy beneem **Jan** sy goeie naam; gee die **diere** kos. **My**, **ons**, **Jan**, **diere**, staan hier in die 3de naamval, maar sodra as ons die voorsetsels **vir** of **aan** voorsit, word hulle dadelik **4de** naamval, want al die voorsetsels beheers die **4de naamval**: gee **vir die diere** kos, ens.

4. Die **vierde naamval**:

(a) Die kinders mishandel die **hond**; die os stoot die **kaffer**; die esel skop die **kleinjong**. Hier gaan die werking direk oor op die **hond**, die **kaffer**, en die **kleinjong**, maar in Afrikaans kan selfs in sulke gevalle die voorsetsel **vir** met die 4de naamval gebruik word, as die selfstandige naamwoord 'n **eienaam** is of betrekking het op 'n **persoon**; die esel skop **vir** die kleinjong; die onderwyser slaan **vir** Jan; span **vir** Blesbok in. Dieselfde gebruik geld ook vir voornaamwoorde as hulle 'n **persoon** aandui:

Gerrit, ek sal **vir jou** seermaak.

(b) Die predikant staan **op** die **preekstoel**; die trein gaan **deur** die **tonnel** (na voorsetsels).

(c) Ons het vir Hambourg, die groot **musikant**, gaan hoor; slaan vir Karel, die **stouterd**.

Hier is die **bystelling** in die 4de naamval.

(d) Ek noem jou my **vriend**; ek beskou hom 'n groot **man**; hy doop die kind **Moses**.

Die werkwoorde **noem**, **beskou**, **doop**, **ag**, **teken**, **voel** neem dikwels **twee vierde naamvalle**.

(e) Ons het **drie maande** in die onderveld gekuier; die swaarste „Springbok" van 1921 weeg **245 pond**; ons kerktoring is **120 voet** hoog; daardie hoed kos **vyftien sielings**.

Woorde wat **tyd**, **gewig**, **maat** of **waarde** uitdruk, staan altyd in die **vierde naamvaal**.

Onder invloed van die Bybel en die Nederlandse letterkunde is daar nog baie uitdrukkinge en woordvorme wat ou naamvalsuitgange vertoon:

| | |
|---|---|
| ternouernood | smôrens |
| ter dood veroordeel | saans |
| ter harte neem | desgeliks |
| ter elfder ure | kind des doods |
| terwille van | stem des roepende |
| mettertyd | brood der smarte |
| byderhand | steen des aanstoots |
| ter bekwamer tyd | engel des ligs |
| langsamerhand | sweet des aanskyns, ens. |

## OEFENING 10.

Wat is die naamval van die selfstandige naamwoorde in die volgende sinne, en waarom:

1. Gert, gee vir Klaas jou mes.
2. Abraham, my neef, kom nou net uit Amerika.
3. In die dorp Wellington word baie skoene gemaak.
4. Sarie, loop na jou oom Gawie toe.
5. Gee my beste groete vir jou ouers.
6. In die blomtuin groei baie mooi rose.
7. Oor drie weke kry ons vakansie.
8. Annie weeg honderd-en-tien pond, en haar suster Klara honderd-en-ag.
9. Die winkelier koop die pak klere vir drie pond en verkoop dit weer vir ses.
10. Daardie hoed kos twee pond.
11. Ek gaan twee weke by my broer op die plaas kuier.
12. Het meneer Cloete al vir Klaas, die weerprofeet, ontmoet?
13. Jan, gee die hond kos.
14. Hy noem sy seun 'n held.

## IV. VERKLEINWOORDE.

Die verkleinvorme van snww. gaan uit op **-ie**, **-jie**, **-tjie**, **-etjie**, **-pie**.

1. Selfstandige naamwoorde op **f**, **g**, **k**, **p**, **s**, neem **-ie** vir hulle verkleinwoorde:

duif — duifie
stof — stoffie
dag — daggie
nag — naggie
gedig — gediggie
saag — sagie
spook — spokie
stok — stokkie

gaap — gapie
pik — pikkie
pop — poppie
huis — huisie
kas — kassie
boek — boekie
lamp — lampie

2. Selfstandige naamwoorde op **d** of **t** neem **-jie**:

hoed — hoedjie
meid — meidjie
woord — woordjie

kant — kantjie
lint — lintjie
voet — voetjie

3. (a) Selfstandige naamwoorde op **l**, **n**, of **r**, voorafgegaan deur 'n lang klinker, 'n tweeklank, **oe**, **ie**, of 'n swakbeklemtoonde klinker, neem **-tjie**:

paal — paaltjie
uil — uiltjie
lepel — lepeltjie
toon — toontjie
tuin — tuintjie

deken — dekentjie
peer — peertjie
deur — deurtjie
beker — bekertjie
stoel — stoeltjie

(b) Selfstandige naamwoorde wat op 'n klinker uitgaan, neem ook **-tjie**:

buro — burootjie
lei — leitjie
leeu — leeutjie
koei — koeitjie
sofa — sofatjie

sooi — sooitjie
padda — paddatjie
tree — treetjie
tou — toutjie

4. Selfstandige naamwoorde op **l**, **m**, **n**, of **r**, voorafgegaan deur 'n kort beklemtoonde klinker, uitgesonderd **oe** en **ie**, neem **-etjie**. (Die eindmedeklinker word hier natuurlik verdubbel):

| | |
|---|---|
| kam — kammetjie | man — mannetjie |
| kar — karretjie | tol — tolletjie |

5. Selfstandige naamwoorde op **m**, voorafgegaan deur 'n lang klinker of tweeklank, **oe**, **ie**, 'n swakbeklemtoonde klinker, **l**, of **r**, neem **-pie**:

| | |
|---|---|
| boom — boompie | balsem — balsempie |
| raam — raampie | halm — halmpie |
| duim — duimpie | skelm — skelmpie |
| rym — rympie | arm — armpie |
| besem — besempie | swerm — swermpie |

6. (a) Selfstandige naamwoorde op **-ng**, met die klemtoon op die voorlaaste lettergreep, verander die **g** in **-kie**:

| | |
|---|---|
| koning — koninkie | bestelling — bestellinkie |
| ketting — kettinkie | piesang — piesankie |
| verdéling — verdelinkie | herháling — herhalinkie |

(b) Ander selfstandige naamwoorde op **-ng** neem **-etjie**:

| | |
|---|---|
| ring — ringetjie | gedíng — gedingetjie |
| gesáng — gesangetjie | vreemdeling — vreemdelingetjie |
| wandeling — wandelingetjie | |

Daar is egter 'n sterk neiging om die uitgang **-kie** te gebruik ook by selfstandige naamwoorde van meer as twee lettergrepe op **-ng**, vernaamlik as die laaste **twee** lettergrepe swakbeklemtoond is. So kry ons ook sulke vorme:

| | |
|---|---|
| rékening — rekeninkie | séndeling — sendelinkie |
| vergádering — vergaderinkie | verméerdering — vermeerderinkie |

7. **Onreëlmatige Verkleinwoorde**:

| | |
|---|---|
| blad — blaadjie | nôi — nôientjie |
| gat — gaatjie | pad — paadjie |
| glas — glasie | rib — ribbetjie |
| lewe — lewetjie, lewentjie | spel — spelletjie, speletjie |
| | vat — vaatjie |
| nooi — nooientjie | wa — waentjie |

Verkleinwoorde word besonder baie in ons taal gebruik, vernaam teenoor kinders.

Dikwels gebruik ons **klein** met 'n verkleinwoord om iets as baie klein voor te stel: Arrie, maar dis 'n **klein mannetjie**! Daardie man het darem 'n **klein vroutjie**! Hy is nog 'n **klein kindjie**.

Verkleinwoorde word baie gebruik as bewys van

(a) **liefde**, vernaam teenoor kinders: my **skapie**; mamma se **lammetjie**; my **hartjie**; my **skatjie**.

(b) **gemeensaamheid**: môre, **oompie**; middag, **tannie**; maak gou, **ou boetie**; dag, ou **niggie**; ens.

(c) **veragting**: daardie ou **klerkie**! Ag wat, hy is maar 'n ou **skoolmeestertjie**!

Daar is heelwat woorde in Afrikaans wat 'n verkleinvorm het, maar wat nie meer as verkleinwoorde om iets kleins uit te druk, gebruik word nie: baadjie, boordjie, boontjie, ertjie, kelkie koppie,* jongetjie, meisie, mandjie, ens.

Byvoeglike naamwoorde, as selfstandige naamwoorde gebruik, neem ook verkleiningsuitgange aan:

| | |
|---|---|
| daardie **kleintjie** | hierdie **enetjie** |
| hierdie. **swartetjie** | die **blouetjie**, ens. |

* Daarom kry ons sulke vorme soos **koppietjie**, **mandjietjie**, ens.

## OEFENING 11.

Maak verkleinwoorde van die selfstandige naamwoorde in die volgende sinne:

1. Die perd trek die kar.
2. Die vrou werk in die huis.
3. Haar man werk op die land.
4. In ons tuin groei baie blomme.
5. Jan is 'n stout kind.
6. Hierdie seun is 'n skelm.
7. My dogter se arm is seer.
8. Anna, neem die besem en vee die kamer uit!
9. Op die tafel lê 'n lepel.
10. Die kind speel met sy wa.
11. Oom, sit maar op daardie stoel.
12. Die vrou kam haar hare met 'n kam.
13. Die meester slaan die seuns met 'n rotting.
14. Die boom is groen.
15. Daar is 'n muis in die kas.
16. Piet speel met sy hond.
17. Die haan kraai, die hen kekkel, die lam blêr, die bok spring, die vark skree, die kar ry, en die hond blaf.
18. Daar staan 'n glas op die vat.
19. My moeder lei 'n aangename lewe met haar kinders.
20. Die woning van die vreemdeling het eers aan die sendeling behoort.
21. Hier, jou skelm, span die koei met hierdie tou.
22. Sit die beker en die besem op die kar.
23. Die wa het vier wiele en 'n disselboom.

## HOOFSTUK VII.

## DIE VOORNAAMWOORD.

Voornaamwoorde bestaan uit die volgende soorte:

### I. PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE.

Hulle word eenvoudig gebruik in die plek van selfstandige naamwoorde:

(a) Waar is Timo? **Hy** is skool-toe.
(b) Hoekom huil Klara? **Sy** het tandpyn.
(c) Hoe lyk dit met julle tuin? **Dit** is baie droog.

Persoonlike voornaamwoorde word verbuig om verskil in **getal**, **persoon** (1ste, 2de, en 3de) en **naamval** aan te dui:

#### ENKELVOUD.

| | 1ste Naamval. | 2de Naamval. | 3de en 4de Naamval. |
|---|---|---|---|
| 1. | ek | my, myne | my |
| 2. | jy, u | jou, joue, u | jou, u |
| 3. | hy | sy, syne | hom |
| | sy | haar, hare | haar |
| | dit | — | dit |

#### MEERVOUD.

| | 1ste Naamval. | 2de Naamval. | 3de en 4de Naamval. |
|---|---|---|---|
| 1. | ons | ons | ons |
| 2. | julle | julle, julle s'n | julle |
| | u | u, u s'n | u |
| 3. | hulle | hulle, hulle s'n | hulle |

Die vorme van die 2de naamval is eintlik **besitlike voornaamwoorde** en sal later onder daardie hoof behandel word.

**Jy, jou, julle** is die gemeensame aanspreeksvorme wat ons gebruik teenoor ons mindere, ons vriende, kinders, bediendes, ens.

**U** is die beleefde vorm wat ons gebruik teenoor ons meerdere en vreemdelinge: Middag, Mnr. A., mag ek 'n paar woorde met **u** privaat praat ?

Die Afrikaner gebruik egter nie graag hierdie aanspreeksvorm nie — dit klink vir hom te styf en te deftig. Daarom gebruik hy liewers **jy**, of herhaal anders die eienaam:

(a) **Pa**, hier is vir **Pa** 'n present.

(b) Dag, **Meneer**, wil **Meneer** nie inkom nie?

**Jou** in sulke uitdrukkinge: **jou skelm**! **jou lelikerd**! is 'n 1ste naamval (aangesprokene).

In uitdrukkinge soos: **jou waarlik, jou wrintig**, is dit 'n 3de naamval (**Etiese Datief**).

Soos in die geval van selfstandige naamwoorde word die voorsetsel **vir** ook baie gebruik met voornaamwoorde wat **direk** deur die werkwoord geaffekteer word en dus die voorsetsel nie nodig het nie: (a) Ek sal **vir jou** slaan. (b) Die perd sal **vir hom** skop. Hierdie gebruik geld net vir voornaamwoorde wat betrekking het op **persone**.

'n Voorsetsel + **dit** word altyd **daar** + voorsetsel: (a) Waar is jou boek? Ek sit **daarop** (nooit: **op dit** nie). (b) Wat sê julle van die ongeluk. Ons praat nou net **daaroor**.

So ook: **daaronder, daarin, daaruit, daaraan, daardeur, daarsonder, daarmee**, ens. Hulle word genoem **voornaamwoordelike bywoorde**.

'n **Wederkerende** of **Terugwerkende Persoonlike** voornaamwoord toon aan dat die handeling terugkeer na die persoon toe wat die werking verrig: (a) Ek was (vir) **my**. (b) Piet skeer **hom**. (c) Julle sal vir **julle** verongeluk.

Ons maak dus gebruik van die gewone persoonlike voornaamwoorde in die 4de naamval.

As duidelikheid of nadruk vereis word, voeg ons **self** by, anders nie: (a) Piet het **homself** vermoor (d.i. nie vir iemand anders nie). (b) Sy het net vir **haarself** seergemaak.

'n **Wederkerige Persoonlike** voornaamwoord toon aan dat die handeling heen en weer gaan tussen die persone wat die werking verrig: (a) Die matrose slaan **mekaar**. (b) Die broers en susters soen **mekaar**.

Die enigste wederkerige persoonlike voornaamwoord in Afrikaans is **mekaar**.

Om nadruk te lê op die persoon wat die werking verrig, kan **self** by die persoonlike voornaamwoord gevoeg word: (a) **Ekself** sal jou leidsman wees. (b) Sy het dit **self** gedoen. (c) Jan kan hom maar **self** gaan vra!

L.W. By **selfstandige naamwoorde** kan ons net in die volgende twee gevalle van **persoon** praat:

(a) **1ste persoon**: Ek, **Jan van der Merwe**, sê dit. Hier is ,,Jan van der Merwe'' in die eerste persoon as bystelling van ,,ek.''

So ook: ons, **die onderwysers**, moet leiding gee.

(b) **2de persoon**: Skaam jou, **Gert**! **Annie**, waar is jou ma?

Die name van die aangesproke persone of dinge is altyd in die twede persoon.

## OEFENING 12.

In watter **persoon** en **naamval** word die volgende persoonlike voornaamwoorde gebruik:

1. Ons moet werk, en julle kan speel.
2. Ek sien vir jou.
3. Vra tog hoe dit met hom gaan.
4. Sy groet hulle ewe beleef.
5. Gee vir haar hierdie boodskap.
6. Ons wil julle nie dwing nie.
7. Dit is my opienie.
8. Piet was hom, dan skeer hy hom, en daarna sit hy sy boordjie om.
9. Gee ons nou jou eerlike opienie oor daardie saak.
10. Julle kan nie nou uitgaan nie: dit reën.
11. Hulle haat mekaar soos kat en hond.
12. Ek verstout my om te sê dat julle julle werk baie swak gedoen het.

## II. BESITLIKE VOORNAAMWOORDE.

**My**, **jou**, **u**, **sy**, **haar**, **ons**, **julle**, **hulle**, het 'n **byvoeglike** gebruik, d.i. hulle word altyd gevolg deur 'n selfstandige naamwoord:

(a) Dit is **hulle** geld.

(b) Is hierdie **my** boek?

(c) Daardie is **jou** baadjie.

(d) Meneer, is dit **u** seun?

**Myne, joue, u s'n, syne, hare, ons s'n, julle s'n, hulle s'n**, het 'n **selfstandige** gebruik, d.i. hulle word nie deur 'n snw. gevolg nie:

(a) Wie se potlood is dit hierdie? Dit is **myne**; nee, dit is **syne.**

(b) Piet het sy lekkers opgeëet, maar Annie het **hare** gebêre.

(c) Is hierdie albasters **joue** of **hulle s'n**?

(d) Meneer, daardie koeie is nie **ons s'n** nie, hulle is **u s'n**.

Die vorme **my, jou, u, sy, haar, ons, julle, hulle,** word dan ook dikwels beskou as **besitlike byvoeglike naamwoorde.**

## III. AANWYSENDE VOORNAAMWOORDE.

Hulle word gebruik om iets of iemand aan te wys:

(a) Wie is dit **daardie**?

(b) Ken jy **dit**?

(c) My skoene is **dieselfde** as joue.

**Dit** word altyd selfstandig gebruik; so ook **hierdie, daardie, dieselfde,** as hulle in die plek van 'n selfstandige naamwoord staan. Maar as hulle gevolg word deur die aangewese selfstandige naamwoord, word hulle **byvoeglik** gebruik:

(a) Wie se boekie is **hierdie**?

(b) **Daardie** mense is baie onopgevoed.

Party skrywers gebruik **dié** i.p.v. **hierdie** en **daardie**: **Dié** man lyk nog baie jonk.

**Sulke, dergelike,** word gewoonlik byvoeglik gebruik: **Sulke** dade is sleg.

**Hiervan, daarvan, hierin, daarop, daarmee, daarsonder,** ens., kan ook as aanwysende voornaamwoorde

genoem word, hoewel hulle eintlik voornaamwoordelike bywoorde is (sien § I). Hulle dele kan geskei word:

(a) **Daar** weet ek niks **van** nie.

(b) Hy wil **daar** niks **mee** te doen hê nie.

(c) **Daarmee** stem ek nie saam nie.

In die spreektaal word **dit is** gewoonlik saamgetrek tot **dis**: (a) **Dis** 'n goeie grap. (b) **Dis** nie waar nie!

## IV. VRAGENDE VOORNAAMWOORDE.

**Wie**? **wat**? **wie s'n**? word selfstandig gebruik, en **watter**? **wat vir 'n**? **wie se**? byvoeglik.

**Wie, wie se**, en **wie s'n** word gebruik vir persone; **wat** en **wat vir 'n** vir dinge; en **watter** vir altwee.

Voorbeelde: **Wie** loop daar? Ons predikant. **Wie se** hoed is dit? My pa s'n. **Wat** sê jy? **Wat** lê daar? 'n Sieling. **Watter** kêrel was gister by jou? **Watter** boom kan ons afkap? **Wat vir 'n** geraas is dit hier? Daar hardloop 'n hond; **wie s'n** is dit?

'n Voorsetsel + **wat**? word **waar** + die voorsetsel: **waarvan, waarop, waarom, waardeur,** ens. **Waarop** sit jy? **Waarvan** praat hy?

## V. BETREKLIKE VOORNAAMWOORDE.

Hulle verwys altyd terug na 'n persoon of 'n ding waarop hulle betrekking het, en word tegelykertyd ook gebruik om sinne met mekaar te verbind. Hulle doen dus die werk van voegwoorde sowel as van voornaamwoorde: **Die man wat so iets doen, moet gestraf word.** Hier het ons twee sinne: (a) **die man moet gestraf word,** en (b) **wat so iets doen**; en hulle word verbind deur **wat.** Verder verrig **wat** ook die werk van 'n voornaamwoord, en verwys na **die man.**

Die persoon of ding waarna 'n **betreklike** voornaamwoord verwys, noem ons sy **antesedent**; **man** is dus hier die antesedent van **wat**.

Die betreklike voornaamwoord wat die meeste gebruik word in Afrikaans, is **wat**, en dit word gebruik vir persone sowel as vir dinge:

(a) Die **hout wat** jy aan my verkoop het, was groen.

(b) Ek het die **skaap** gesien **wat** jy uit Australië laat kom het.

(c) Op Pietermaritzburg staan 'n **kerk wat** die Voortrekkers nog gebou het.

(d) Daar loop die **meisie wat** so lank siek was.

Na 'n voorsetsel verander **wat** in **wie**, as dit betrekking het op **persone**:

(a) Daardie **man** met **wie** ek gepraat het, is die beroemde generaal A.

(b) Het jy die **vrou** gesien vir **wie** ons die klere gestuur het?

**Wie** is onder ander omstandighede 'n **samegestelde** betreklike voornaamwoord wat 'n onbepaalde sin inlei:

(a) **Wie steel**, is 'n dief.

(b) **Wie** so praat, is mal.

Hier staan wie dus vir antesedent + betreklike vnw., d.i. **hy** of die **man** + **wat**.

**Wat** word ook dikwels gebruik as samegestelde betreklike voornaamwoord, en is dan gelyk aan **die ding wat**:

(a) **Wat** hy daar sê, is waar.

(b) Jy kan doen net **wat** jy wil.

In verband met **persone** gebruik ons soms **wie se** as die twede naamval van die betreklike vnw.:

Die man **wie se** dogter gaan trou, is burgemeester van ons dorp.

Maar gewoonlik word die sin omskrywe om so'n gebruik te vermy:

(a) Die man **van wie** die dogter gaan trou, of

(b) Die vader van die dogter wat gaan trou, ens.

'n Voorsetsel + **wat** word **waar** + die voorsetsel (vgl. §§ I, III, IV van hierdie hoofstuk vir die ander voornaamwoordelike bywoorde):

(a) Die huis **waarvan** ek gepraat het, is nog te huur.

(b) Die perd **waarop** generaal de Wet in die oorlog gery het, is van ouderdom dood.

So ook: **waaronder, waarin, waarsonder**, ens.

Hierdie gebruik geld vir **diere** en **dinge**; vir **mense** gebruik ons natuurlik die vorme **van wie, op wie**, ens. soos hierbo aangegee.

## VI. ONBEPAALDE VOORNAAMWOORDE.

Hierdie soort voornaamwoorde staan in die plek van die name van persone of sake wat nie bekend is nie, of van wie die name nie genoem word nie: **iemand, niemand, iets, niks, 'n mens, enigeen, iedereen, elkeen, almal, party, een, alles.**

**'n Mens** of **mens** kom veelvuldig voor in Afrikaans, en word in al die naamvalle gebruik:

(a) **'n Mens** weet amper nie wat jy moet doen nie!

(b) Moenie **'n mens** so seer maak nie!

(c) **'n Mens** se geduld raak waarlik met hom op.

(d) Hy wil ook vir **'n mens** niks gee nie.

**Jy** word dikwels as onbepaalde voornaamwoord gebruik i.p.v. ['**n**] **mens**:

(a) In die krygswet durf **jy** nie **jou** mond oopmaak nie.

(b) 'n Mens weet partymaal nie hoe **jy** moet handel nie.

(c) In dae van moeilikheid leer 'n mens **jou** vriende ken.

In die volgende sinne is **hulle, party** ...... **party, die een** ...... **die ander**, ook onbepaalde voornaamwoorde:

(a) **Hulle** sê dit is gevaarlik om koue water te drink as jy warm geloop is.

(b) **Party** kom, en **party** gaan.

(c) Dit gaan in die skool soos in die lewe: die **een** werk en die **ander** speel.

## OEFENING 13.

Benoem die voornaamwoorde in die volgende sinne:

1. Wie loop daar?
2. Hulle doen hulle werk speel-speel.
3. As ons by die huis kom, sal ons hom tog baie spot!
4. Waarmee het jy daardie groot boom afgekap?
5. Meneer, u moet u tog nie so ontstel nie!
6. Wie se perd loop daar? Is dit joue of hare? Nee, dit is my oom s'n.
7. Iemand het sy hoed hier vergeet.
8. 'n Mens weet nie wat jy moet antwoord nie.
9. Die stoel waarop u sit, het my oupa nog self gemaak.
10. Waar is Gert? Hy was hom in die kamer.
11. Pas op, Klaas, moenie daarop sit nie!

12. Ons stel vir mekaar vrae, maar die een kan nie die ander vasvra nie.
13. Kan dit waar wees?
14. Hulle sê die griep het al weer sy verskyning gemaak.
15. Dames en here, u moet u boeke saambring.
16. As jy nie jou koffie nou wil drink nie, kan jy daarsonder gaan.
17. Van sulke praatjies hou ek nie.
18. Daardie hoed is dieselfde as myne.
19. Iedereen het sy eie opienie daaroor.
20. Hierdie brood is julle s'n.

---

## HOOFSTUK VIII.

## DIE BYVOEGLIKE NAAMWOORD.

Byvoeglike naamwoorde word verdeel in die volgende klasse of soorte:

(a) **Aanwysende**: **hierdie** stoel; **daardie** kind; **dieselfde** vrou; **sulke** mense.

Hulle is eintlik **aanwysende voornaamwoorde** wat byvoeglik gebruik word, d.i. deur die aangewese selfstandige naamwoord gevolg word (kyk Hoofstuk VII, § III).

(b) **Vragende**: **watter** man? **Wat vir 'n** ding het jy daar? **Wie se** kar staan daar?

Hulle is eintlik **vragende voornaamwoorde** wat byvoeglik gebruik word (kyk Hoofstuk VII, § IV).

(c) **Besitlike: my** hoed; **jou** sambreel; **ons** huis, ens.

Hulle is werklik **besitlike voornaamwoorde** wat byvoeglik gebruik word (kyk Hoofstuk VII, § II).

(d) Byvoeglike naamwoorde van **Hoeveelheid**, wat **die hoeveelheid** of **aantal** aandui: **baie** mense; **min water**; **party** geleerdes, ens.

Hulle word gewoonlik **Telwoorde** genoem en sal in Hoofstuk X behandel word.

(e) Byvoeglike naamwoorde van **Hoedanigheid**. Dit is die vernaamste klas, en hulle getal is baie groot. Hulle vertel vir ons wat die hoedanigheid van die selfstandige naamwoorde is, hoe hulle lyk, ens: 'n **groen** boom; 'n **dowe** kêrel; 'n **ryk** man; Simson was **sterk**; Salomo was **wys**; die Kaffers is **wreed**.

(f) **Deelwoorde** as byvoeglike naamwoorde gebruik:

(1) **Teenwoordige deelwoorde**: **singende** voëltjies; 'n **werkende** lid; hy is die **sprekende** beeld van sy vader; 'n **dwalende** spook; ens.

(2) **Verlede deelwoorde**: 'n **gebreekte** koppie; 'n **verspeelde** kans; 'n **afgekapte** boom.

Onder hierdie klas val die groot aantal verlede deelwoorde van die ou sterk werkwoorde: 'n **gebroke** hart; **verborge** skatte; **onbeskrewe** wette, ens. (kyk verder **Deelwoorde** in Hoofstuk XV).

Byvoeglike naamwoorde van **hoeveelheid** en **hoedanigheid** kan **attributief** gebruik word, d.i. onmiddellik voor die selfstandige naamwoord: 'n **kwaai** tannie; 'n **groot** kalf; daardie is 'n **hoë** toring; **min** water.

Hulle kan ook **predikatief** gebruik word, d.i. na die selfstandige naamwoord en daarmee verbind deur die koppelwerkwoorde **is**, **lyk**, **bly**, **skyn**, **heet**, **blyk**, **word**: my pa word **oud**; my neef is **slim**; Afrikaners, wees **sterk**; die water word **min**; die druiwe lyk **baie**.

Party byvoeglike naamwoorde word gewoonlik net **attributief** gebruik:

(a) **Stofaanduidende**: 'n **silwere** stem; 'n **goue** ketting; 'n **kopere** voorhoof; **lakense** klere; ens.

Ons kan nie sê: haar stem **is silwer**, of, die ketting **is goue** nie.

(b) Byvoeglike nw. van byw. van tyd gevorm: sy **jaarlikse** salaris; ons **daelikse** brood; hulle **maandelikse** biduur; haar **tweejarige** dogtertjie; ens.

(c) Byvoeglike naamwoorde van **eiename** gevorm: **Wellingtonse** vrugte; **Suid-Afrikaanse** wol; **Transvaalse** tabak; **Vrystaatse** mielies.

(d) 'n Paar ander soos: **etlike** weke; die **huidige** dag; **ganse** nagte; **geruime** tyd; **boonste; binneste**; **onderste**; **voorste**.

Party byvoeglike naamwoorde word weer net **predikatief** gebruik: **bevrees, bestand, bysiende, geheg, geneig, gedagtig, kinds**, ens.; **bestand** teen die koue; die kind **is bevrees** vir slae; ouers **is** gewoonlik **geheg** aan hulle kinders; ens.

As **jong** en **lang** predikatief gebruik word, verander die **g** gewoonlik in **k**: 'n **jong** meisie — die meisie is **jonk**; 'n **lang** stok — die stok lyk **lank**.

As **oud, koud** en **dood** attributief gebruik word, val die **d** weg: 'n **ou** gebou; 'n **koue** winter; 'n **dooie** perd.

## OEFENING 14.

Gebruik die volgende byvoeglike naamwoorde in kort sinne, eers attributief, en dan predikatief: groen, geel, swaar, lig, klein, swak, sterk, geduldig, ontevrede, reg, verkeerd, stout, soet, suur, bitter, lang, kort, oud, jong, wild, mak, vet, maer, laag, hoog, gehoorsaam, onwillig, deugsaam, swart, wit, nou, gelyk, ryk, arm, magtig, eentonig, mooi, lelik, slim, dom, bruin.

### OEFENING 15.

Gebruik die volgende byvoeglike naamwoorde elk in 'n kort sin: etlike, voorste, kinds, Natalse, geruime, geheg, bevrees, boonste, goue, Londense, geneig, binneste, onderste, silwere, Durbanse, gedagtig, huidige.

---

## HOOFSTUK IX.

## VERBUIGING VAN BYVOEGLIKE NAAMWOORDE.

Byvoeglike naamwoorde kan verbuig word
I. Deur **-e** aan te voeg.
II. Vir Trappe van Vergelyking.

**1.** Net byvoeglike naamwoorde wat **attributief** gebruik word, kan **-e** neem; as hulle **predikatief** gebruik word, neem hulle nooit 'n **-e** nie.

Hierdie verbuigingsvorm lewer baie moeilikhede op. As ons praat, dan **voel** ons gewoonlik waar die byvoeglike naamwoord die **-e** kry en waar nie; ons taalgevoel kom ons te hulp. Maar sodra as ons skrywe, stuit ons op moeilikhede, want die Nederlandse invloed laat hom nog sterker geld in ons skryf- as in ons spreektaal. Selfs ons beste skrywers is nie konsekwent in hierdie gebruik van die byvoeglike naamwoord nie. Onder sulke omstandighede is dit byna onmoontlik om vaste reëls vir hierdie verbuiging neer te lê, maar die volgende stellinge kan tog vir die student as leidraad dien.

A. **Eenlettergrepige byvoeglike naamwoorde**:

(I) Dié wat eindig op een van die volgende konsonante, neem 'n **-e**: **b**, **d**, **f**, **g**, **s**, as die f, g, en s vir stemhebbende konsonante (d.i. v, g, en z) in Nederlands staan:

**wreed** — 'n **wrede** man; **hoog** — 'n **hoë** berg; **doof** (Ned. dove) — 'n **dowe** kind; **dwaas** (Ned. dwaze) — 'n **dwase** onderneming.

Die reël kan dus as volg gestel word: Alle eenlettergrepige byvoeglike naamwoorde wat op 'n oorspronklik stemhebbende konsonant eindig, neem 'n **-e** in Afrikaans. (Sulke woorde op **-b** bestaan daar nie.)

**Opm.** (1) As **g** en **s** vir 'n oorspronklike **gt** (cht) en **st** staan, dan neem die bnw. **-te: lig** — 'n **ligte** gewig; **vas** — 'n **vaste** gewoonte; **sag** — 'n **sagte** peer.

(2) Sommige byvoeglike naamwoorde op 'n oorspronklike Nederlandse **f** (d.i. waar die **f** ook voor **e** gehoor word) neem tog 'n **e**. Dit moet dan beskou word as die invloed van analogie: **laf** — 'n **lawwe** grap; **dof** — **dowwe** geluid. Woorde wat egter nie so algemeen gebruiklik is in Afrikaans nie, neem nie die e nie: **suf**, **grif**, e.a. Die **f** verander in **w** voor **e**, en in die geval van 'n kort klinker voor **f**, in twee **w**'s: **doof** — **dowe**; **dof** — **dowwe**.

(3) Eenlettergrepige byvoeglike naamwoorde op 'n oorspronklike **s** neem nie 'n **-e** nie: **los**, **bros**, **vos**, **fris**, **kras**, b.v., 'n **los** riem; 'n **vos** perd; 'n **fris** seun.

Hierdie reël het 'n paar uitsonderinge. Ons skryf wel 'n **-e** in die volgende gevalle:

(a) as die byvoeglike naamwoord afgelei is van 'n eienaam: **Jood** — 'n **Joodse** fees; **Rooms** — die **Roomse** geloof; **Frans** — 'n **Franse** oorlog.

(b) as die bnw. afgelei is van 'n selfstandige naamwoord: **dood** — 'n **doodse** stilte; **stad** — **steedse** maniere; **aarde** — **aardse** goedere.

(c) as die **s** voorafgegaan word deur een van die skerp klinkers **p**, **t**, of **k**: **trots** — 'n **trotse** vader; **fluks** — 'n **flukse** kêrel; **hups** — 'n **hupse** offisier.

**N.B.** Die verbinding **-ng** stel een klank voor, en woorde wat op **-ng** eindig, val dus nie onder die reël vir bnw. op **-g** nie: 'n **bang** man; 'n **jong** meisie.

(II) Eenlettergrepige byvoeglike naamwoorde wat eindig op 'n **klinker**, 'n **tweeklank**, of een van die medeklinkers wat nie onder (I) genoem is nie (**k, p, t, l, m, n, r**), neem nie 'n **-e** nie: 'n **ru** veld; 'n **mooi** blom; 'n **mak** skaap; 'n **slap** tou; 'n **swart** rok; 'n **geel** boek; 'n **lam** arm; 'n **groen** boom; 'n **swaar** vrag.

**Opm.** (1) Byvoeglike naamwoorde onder (II) genoem word wel met 'n **-e** geskryf:

(a) As hulle in figuurlike sin, of in verhewe styl gebesig word; of ook as hulle as enigsins vreemd gevoel word:

**suur** druiwe — 'n **sure** ondervinding.
'n **duur** ring — 'n **dure** les.
'n **skoon** gesig — 'n **skone** kans.
'n **sterk** os — **sterke** drank.
'n **wys** vroumens — 'n **wyse** stap.
'n **arm** man ('n man wat min besit) — 'n **arme** sukkelaar.
**suiwer** melk — die **suiwere** wetenskappe.
**rein** water — die **reine** waarheid.
'n **groot** huis — die **grote** oseaan.

Let verder op die verskil tussen **heel** en **hele**: dit is 'n **heel** baadjie (nie stukkend nie); hy was hier die **hele** dag. Ook op sulke vasstaande uitdrukkinge as: **met rasse skrede,** ens.

(b) As hulle met besonder sterk nadruk uitgespreek word: wat 'n **grote** gebou is dit; jou **stoute** kind; so 'n **gekke** vent.

**Opm.** (2) Byvoeglike naamwoorde wat in 'n later tydperk uit Nederlands in Afrikaans ingevoer is en dus nog nie in algemene gebruik is nie, volg nie die reël vir die -e konsekwent nie, b.v. **log, vlug, muf, duf,** ens.

Dus: 'n **vlug** hardloper; 'n **muf** kamer, ens. **Moeg** (esels) word miskien net so dikwels gehoor as **moeë** (esels).

B. **Meerlettergrepige byvoeglike naamwoorde:**
Hulle neem altyd 'n **-e**, behalwe wanneer hulle op **-er** eindig, soos in die geval van al die komparatiewe (d.i. verboë vorme van die bnw.), en in sommige gevalle ook op **-el**: 'n **groter** weldaad; 'n **verder** stap; 'n **langer** distansie; 'n **edel** karakter.

Die gebruik van bnw. op **-el** en **-er** (ander dan komparatiewe) is egter onvas. Dus hoor 'n mens b.v., uit **louter** of **loutere** liefde; **ieder** of **iedere** kans; **seker** of **sekere** mense; 'n **edel** of **edele** vrou; ens.

**Opm.** Sulke uitdrukkinge as: **op opvoedkundig gebied, van staatkundig standpunt**, ens., is Nederlands. Die bnw. behoort in sulke gevalle in Afrikaans ook met 'n **-e** geskryf te word, b.v., **op wetenskaplike gebied**, ens.

## OEFENING 16.

Skryf die byvoeglike naamwoorde in die korrekte vorm:

1. 'n (ou) perd.
2. daardie (vet) vrou.
3. sy (vas) oortuiging.
4. (droog) grond.
5. 'n (vrugbaar) land.
6. (suur) appels.
7. 'n (woes) wêreld.
8. (warm) son.
9. (kou) water.
10. hierdie (mooi) dogter.
11. 'n (dig) bos.
12. die (ander) kamer.
13. 'n (werksaam) kind.
14. 'n (diep) rivier.
15. 'n (donker) huis.
16. die (Romeins) ryk.
17. (seker) studente.
18. 'n (doof) oor.
19. (werklik) griewe.
20. (goddeloos) mense.
21. 'n (spraaksaam) tante.
22. die (blou) lug.
23. 'n (vas) tyd.
24. 'n (groter) stad.
25. 'n (skelm) kêrel.
26. (spelend) kinders.
27. 'n (goud) pond.
28. my (innig) dank.
29. 'n (wonderlik) ding.
30. 'n (respektabel) man.

## II. TRAPPE VAN VERGELYKING.

Ons kan persone of dinge wat dieselfde hoedanigheid besit, met mekaar vergelyk volgens die graad of mate waarin daardie hoedanigheid by hulle aanwesig is: Jan is **sterk**, Piet is **sterker**, en Klaas is die **sterkste**.

Hier het ons nou drie persone wat aldrie 'n sekere hoedanigheid besit, nl. sterkte. Maar daardie hoedanigheid is nie in dieselfde graad of mate by elkeen aanwesig nie. Jan besit dit in 'n sekere mate, Piet besit dit in 'n ruimer mate, terwyl Klaas dit in die grootste of ruimste mate besit.

Die **vergelyking** van 'n byvoeglike naamwoord is dus die verandering of verbuiging wat hy ondergaan om verskil in graad aan te toon.

(a) Die **Stellende Trap** is die eenvoudige onverboë vorm van die byvoeglike naamwoord wat aandui dat die selfstandige naamwoord 'n sekere hoedanigheid besit: 'n **hoë** boom; 'n **stout** kind.

(b) Die **Vergrotende Trap** is die vorm van die bnw. wat aantoon dat 'n sekere hoedanigheid by een persoon of ding in 'n groter mate of 'n hoër graad aanwesig is as by 'n ander: Abraham is **slimmer** as Jakob; die duif is **makker** as die valk.

(c) Die **Oortreffende Trap** is die vorm van die bnw. wat aantoon dat een persoon of ding 'n sekere hoedanigheid in 'n groter mate of in 'n hoër graad besit as al die ander waarmee dit vergelyk word: Van al die kinders is myne die **soetste** en die **mooiste**.

Die vergrotende trap word gevorm deur **-er**, en die oortreffende trap deur **-ste** aan die stellende trap te voeg:

| Stellende. | Vergrotende. | Oortreffende. |
|---|---|---|
| wit | witter | witste |
| oud | ouer * | oudste |

* Onthou die wegval van **d** en **g** en die verandering van **f** in **w**.

| **Stellende.** | **Vergrotende.** | **Oortreffende.** |
|---|---|---|
| wreed | wreder | wreedste |
| breed | breër | breedste |
| doof | dower | doofste |
| dof | dowwer | dofste |
| gehoorsaam | gehoorsamer | gehoorsaamste |

Byvoeglike naamwoorde op 'n **onegte g** neem **-ter** vir die vergrotende trap, anders val die **g** gewoonlik weg voor **-er**:

| **Stellende.** | **Vergrotende.** | **Oortreffende.** |
|---|---|---|
| lig | ligter | ligste |
| sag | sagter | sagste |
| berug | berugter | berugste |
| droog | droër | droogste |
| vroeg | vroeër | vroegste |
| laag | laer | laagste |

Byvoeglike naamwoorde op **-r** neem **-der** vir die vergrotende trap:

| **Stellende.** | **Vergrotende.** | **Oortreffende.** |
|---|---|---|
| bitter | bitterder | bitterste |
| gaar | gaarder | gaarste |
| seer | seerder | seerste |
| suur | suurder | suurste |
| teer | teerder | teerste |
| ver | verder | verste |

Byvoeglike naamwoorde op **-s** voeg ook **-ste** by vir die oortreffende trap:

| **Stellende.** | **Vergrotende.** | **Oortreffende.** |
|---|---|---|
| dwaas | dwaser | dwaasste |
| fluks | flukser | fluksste |
| juis | juister | juisste |
| skaars | skaarser | skaarsste |
| vas | vaster | vasste |
| woes | woester | woesste |
| wys | wyser | wysste |

**Verlede deelwoorde** van werkwoorde wat as byvoeglike naamwoorde gebruik word, vorm hulle trappe van vergelyking met **meer** en **mees**.

| **Stellende.** | **Vergrotende.** | **Oortreffende.** |
|---|---|---|
| beskadig | meer beskadig | mees beskadig |
| gebroke | meer gebroke | mees gebroke |
| geëerd | meer geëerd | mees geëerd |

**Onreëlmatige** trappe van vergelyking:

| **Stellende.** | **Vergrotende.** | **Oortreffende.** |
|---|---|---|
| baie | meer | meeste |
| goed | beter | beste |
| jong, jonk | jonger | jongste |
| kwaad | kwater | kwaadste |
| laat | later | laatste, laaste |
| lang, lank | langer | langste |
| min, weinig | minder | minste |
| nuwe, nuut | nuwer | nuutste |
| siek | sieker, erger | siekste, ergste |
| vroeg | vroeër, eerder | vroegste, eerste |

**Opm.** (a) As ons twee selfstandige naamwoorde wat 'n hoedanigheid in dieselfde maat besit, met mekaar vergelyk, gebruik ons (**net**) **so** ...... **soos** (**as**): hy is **so** sterk **as** Simson; ek is **net so** groot **soos** my broer.

(b) By die vergrotende trap gebruik ons **dan** of **as**: Kaapstad is groter **as** Pretoria; Johannesburg is woeliger **dan** (of **as**) Bloemfontein.

Maar alleen **dan** kan gebruik word wanneer daar alreeds 'n **as** in die sin voorkom: as onderwyser het hy beter beantwoord **dan** as boer: President Brand was groter as staatsman **dan** as krygsman.

(c) Om die oortreffende trap nog te versterk kan ons **aller** gebruik: 'n mens kry die **allerlieflikste** natuurskoon in die Kaapse Skiereiland.

As ons twee selfstandige naamwoorde vergelyk sonder **dan** of **as**, moet die **oortreffende trap** gebruik word: van die twee broers is Tys die **slimste**, maar die **luiste**; ons voetbalspan is die **sterkste** van die twee. Maar: ,,Die Stellenbosse span is **sterk**, maar ons s'n is **sterker**.''

As ons twee hoedanighede van **dieselfde voorwerp** met mekaar vergelyk, word die **vergrotende trap** gevorm met **meer**: hierdie voetbal is **meer** rond as langwerpig; die bank is **meer** lank as breed.

Party byvoeglike naamwoorde kan, weens hulle betekenis van volmaaktheid, nie trappe van vergelyking hê nie:

(a) **Stofaanduidende**: 'n **goue** ketting; 'n **lakense** broek.

(b) Byvoeglike naamwoorde van **eiename** en **bywoorde van tyd** gevorm: **Magaliesbergse** tabak; ons **daelikse** brood; ons **jaarlikse** inkomste.

(c) Woorde soos: doofstom, pikswart, bloedrooi, splinternuut, morsdood, dood, ontelbaar, almagtig, ens., wat alreeds 'n staat van volmaaktheid aandui.

Party **voorsetsels**, soos **bo**, **onder**, **binne**, **buite**, kan as byvoeglike naamwoorde gebruik word en het dan ook 'n **oortreffende** trap: die **boonste** steen; die **onderste** plank; die **binneste** vere van 'n horlosie; die **buitenste** mure van die stad.

## OEFENING 17.

Gee die trappe van vergelyking van die volgende byvoeglike naamwoorde: hoof, swart, dwaas, spierwit, gehoorsaam, gebroke, laag, suur, gespierd, breed, ontsaglik, versterk, pikswart, goue, weeklikse, ondraaglik, ver, ontevrede, wreed, belaglik, rof, laf, getroos, verborge, stom, sag, fluks, lig, braaf, getrou, ontsteld, dolleeg, groen.

## HOOFSTUK X.

## DIE TELWOORD.

Telwoorde is byvoeglike naamwoorde van **hoeveelheid** en bestaan uit die volgende soorte:

1. **Hooftelwoorde**: (a) **Bepaalde**: **een, ses**; **twintig**; **duisend**; **halwe**; **geen**; **albei**, ens.

(b) **Onbepaalde**: **baie** mense; **weinig, min** skape; **etlike, verskeie, al** die bome; **elke** inwoner; ens.

Die volgende is ook onbepaalde hooftelwoorde as hulle gevolg word deur 'n selfstandige nw., d.i. **byvoeglik** gebruik word: **sommige, party, wat**. Word hulle egter selfstandig gebruik, dan is hulle **onbepaalde voornaamwoorde**:

**Sommige** wil sê dat hy dood is.

**Party** hardloop al weg.

Ek wil vir jou **wat** gee.

In die volgende voorbeelde is hulle onbepaalde hooftelwoorde:

**Sommige** mense kan baie jok.

**Party** spelers het seer gekry.

Dit is **wat** moois! („moois" is hier 'n byvoeglike nw. as snw. gebruik).

2. **Rangtelwoorde**, wat die plek in 'n ry aantoon:

(a) **Bepaalde**: **eerste, twede, derde, vierde**, ens.

(b) **Onbepaalde**: **laaste, middelste, hoeveelste, soveelste**.

Hier volg 'n lys van die Bepaalde Hoof- en Rangtelwoorde:

| | Hooftelwoord. | Rangtelwoord. |
|---|---|---|
| 1 | een | eerste |
| 2 | twee | twede |
| 3 | drie | derde |
| 4 | vier | vierde |
| 5 | vyf | vyfde |
| 6 | ses | sesde |
| 7 | sewe | sewende |
| 8 | ag | agste |
| 9 | nege neë | negende, neende |
| 10 | tien | tiende |
| 11 | elf | elfde |
| 12 | twaalf | twaalfde |
| 13 | dertien | dertiende |
| 14 | veertien | veertiende |
| 15 | vyftien | vyftiende |
| 16 | sestien | sestiende |
| 17 | sewentien | sewentiende |
| 18 | agtien | agtiende |
| 19 | neentien, negentien | neentiende |
| 20 | twintig | twintigste |
| 21 | een-en-twintig | een-en-twintigste |
| 22 | twee-en-twintig | twee-en-twintigste |
| 23 | drie-en-twintig | drie-en-twintigste |
| 29 | neen-en-twintig | neen-en-twintigste |
| 30 | dertig | dertigste |
| 40 | veertig | veertigste |

| | **Hooftelwoord.** | **Rangtelwoord.** |
|---|---|---|
| 50 | vyftig | vyftigste |
| 60 | sestig | sestigste |
| 70 | sewentig | sewentigste |
| 80 | tagtig, taggentig | tagtigste, taggentigste |
| 90 | neentig, negentig | neèntigste, negentigste |
| 99 | neen-en-neentig | neen-en-neentigste |
| 100 | honderd | honderdste |
| 101 | honderd-en-een | honderd-en-eerste |
| 200 | tweehonderd | tweehonderdste |
| 300 | driehonderd | driehonderdste |
| 1,000 | duisend | duisendste |
| 1,001 | duisend-en-een | duisend-en-eerste |
| 1,100 | eenduisend eenhonderd | duisend-en-eenhonderdste |
| 2,000 | tweeduisend | tweeduisendste |
| 1,000,000 | miljoen | miljoenste |

Van telwoorde word gevorm:

(a) Die bywoorde van tyd en hoeveelheid wat op **maal** of **keer** uitgaan, en **Herhalingsgetalle** genoem word: **eenmaal**, **sesmaal**, **driekeer**, **tienkeer**, ens.

(b) Die byvoeglike woorde op **-voudig** of **-vuldig**, wat **Verdubbelgetalle** genoem word: 'n **viervoudige** verbond; **menigvuldige** sondes; **veelvuldige** oortredings, ens.

(c) Die **Soortgetalle** op **-hande** en **-lei**, wat as byvoeglike naamwoorde kan beskou word: **allerhande** grappe; **drieërlei** beweging.

Die **breuke** word onder die telwoorde gereken en wel as **bepaalde hooftelwoorde**: 'n **derde** deel van sy besittinge; 'n **tiende** (deel) van sy inkomste.

Gewoonlik word die woord **deel** versweë, en kry ons: **'n vierde** (of 'n **kwart) van ons plaas**; **'n sesde van alles wat hulle het**; ens.

Hulle kan ook in die meervoud voorkom: **twee-derdes**; **vyf-agstes** (akstes); **nege-tiendes**; **ses-vyf-tiendes.**

As daar nie meer gedink word aan die **deel** of die getal wat hulle voorstel nie, dan word hulle egte selfstandige naamwoorde: **skrywe op die bord vier-vyfdes, een-agste, twee-sewendes.**

In die volgende gevalle is hulle nie meer telwoorde nie, maar egte selfstandige naamwoorde:

(a) Die vyand kom by **duisende** en **tienduisende**; hy het **miljoene** in die bank; **honderde** wens jou geluk.

(b) Ek skrywe hier ses **viere**, drie **sewes**, twee **neges**, vier **sesse**, ens.

Hier dui **viere**, **sewes**, **neges**, **sesse**, ens., natuurlik geskrewe syfers aan.

In uitdrukkinge soos: **ons twee**; **met hulle drie**; **julle vier**, ens., staan die telwoorde as **bystelling** (in apposiesie) tot die voornaamwoorde.

**Opm.** (a) **Ag** behou nog die **t** (uit die Ned. **acht**) in **agtuur**, 'n woord wat nog vir **ontbyt** gebruik word: het jy al **agtuur** geëet? Wanneer kry ons **agtuur**?

So ook in die tydbepaling **agtuur**: **die vergadering begint vanaand om agtuur.**

(b) **Veel** word min gebruik 'n Afrikaans, maar kom nog voor in: **te veel**; **veels te veel**; **veels geluk**!

(c) **Bietjie** word dikwels gebruik: 'n **bietjie** water; daar was maar 'n **bietjie** suiker.

As 'n bywoord word dit gewoonlik gebruik om 'n verklaring te versag:

**U seun is 'n bietjie agter in sy klas.**

**Jou tante lyk 'n bietjie oud.**

**Daardie stuk is 'n bietjie groot.**

# HOOFSTUK XI.

## DIE BYWOORD.

Bywoorde is rededele wat die betekenis van 'n **werkwoord**, 'n **byvoeglike naamwoord**, of 'n ander **bywoord** nader omskrywe of wysig:

Die trein loop **vinnig**.

Die skip is **vreeslik** groot.

Daardie voetbalspeler kan **baie** vinnig hardloop.

Ons tref egter die bywoord die meeste by die **werkwoord** aan, vandaar ook die naam bywoord, d.i. iets wat by **die woord** (verbum) staan.

Die koppelwerkwoorde **is**, **word**, **bly**, **skyn**, **blyk**, **lyk**, **heet**, verbind gewoonlik snww. met **byvoeglike naamwoorde** en nie met bywoorde nie:

Jou pa lyk **oud**.

Haar kind is **stout**.

Ek word **bang**.

Sy woorde blyk **waar** te wees.

Let op dat ons **bywoorde** gebruik om iets omtrent die **werkwoord** te vertel; maar **byvoeglike naamwoorde** as daar iets van 'n **selfstandige naamwoord** gesê word:

Julle eet mos **lekker**! (byw.).

Die kos lyk baie **lekker** (bnw.).

Annie sing **mooi** (byw.); en sy is ook **mooi** (bnw.).

Bywoorde word verdeel in die volgende soorte of klasse:

(a) Van **Tyd**, wat aandui **wanneer** die handeling plaasvind: **nou**, **gister**, **vandag**, **môre**, **altyd**, **nooit**, **gedurig**, **dikwels**, **selde**, **nou en dan**, **vroeg**, **laat**, **gou**, **eertyds**, **aans**, **aanstons**, **betyds**, **eendag**, **eindelik**, **ten laaste**, **tweemaal**, **driekeer** (en ander herhalingsgetalle), ens.

**Voorbeelde**:

**Nou** sal die poppe begin dans.

Piet speel **partymaal**, maar Abraham werk **altyd**.

Kom **gou**!

(b) Van **Plaas**, wat aandui **waar** die handeling plaasvind: **agter**, **binne**, **buite**, **bymekaar**, **daar**, **daarheen**, **êrens**, **hier**, **hiernatoe**, **links**, **regs**, **naby**, **nêrens**, **orals**, **rond**, **saam**, **soontoe**, **ver**, **apart**, **voorwaarts**, **waar**, **weg**, ens.

**Voorbeelde**:

Kinders, loop speel **agter**!

Pa werk **binne** as dit reën.

Kom **hiernatoe**!

Loop **soontoe**!

**Orals** val die water.

Die geweer skiet **ver**.

Hou **links**, **regs**! ens.

(c) Van **Wyse**, wat aantoon **hoe** 'n handeling plaasvind. Die getal van hierdie soort bywoorde is baie groot. Hier volg 'n paar: **anders**, **blindelings**, **bekoorlik**, **duidelik**, **effentjies**, **fluks**, **gaaf**, **goed**, **heerlik**, **hoe**, **lieflik**, **langsaam**, **mooi**, **moeilik**, **reg**, **verkeerd**, **saggies**, **stilletjies**, ens.

**Voorbeelde**:

Ons maak **anders.**

Hy volg sy voorman **blindelings.**

Sy speel **bekoorlik.**

**Hoe** maak 'n mens hierdie som?

**Opm.** 'n Gewone en maklike manier om bywoorde te vorm is deur **verdubbeling**:

(i) **Twee werkwoorde**: hy doen sy werk **fluit-fluit**; hy loop **sing-sing, buk-buk, staan-staan, speel-speel,** ens.

(ii) **Twee bnw. of byw.**: Kom **gou-gou**; dit reën **kort-kort**; ons laat dit maar so **blou-blou**, ens.

(d) Van **Graad** of **Hoeveelheid**, wat aandui in watter graad of mate 'n hoedanigheid aanwesig is. Hierdie soort word dikwels met byvoeglike naamwoorde en ander bywoorde gebruik: **amper, baie, byna, deur en deur, dubbel en dwars, genoeg, glad, half, hoogstens, meer, heeltemal, skaars, so, te, uiters, alte,** ens.

**Voorbeelde**:

Klaas eet **so** baie dat hy siek word.

Sannie is **baie** slim.

Piet was **byna** dood.

Dit is **te** erg.

Hy is **deur en deur** sleg; ens.

Onder hierdie klas val ook die sg. **herhalingsgetalle** vir sover hulle nie bywoorde van tyd is nie: **vyfmaal** so groot; **tweemaal** kleiner; ens.

(e) Van **Modaliteit**, wat uitdruk:

(i) **Bevestiging**: **ja, seker, ongetwyfeld, natuurlik, stellig, werklik, waarlik, darem, mos,** ens.

(ii) **Twyfel**: **miskien, altemit, dalk, konsuis, kamma, toevallig, straks, vermoedelik, waarskynlik,** ens.

(iii) **Ontkenning**: **nee, nie, so nooit, tevergeefs, verniet, volstrek nie, glad nie**, ens.

(iv) 'n **Wens**: Kom **tog**! Help **dan**; speel **maar**.

(f) Van **Kousaliteit**, wat van 'n werking of 'n toestand aandui:

(i) 'n **Grond** of **Rede**: **daarom, hierom, ook, dus, derhalwe, trouens**, ens.

(ii) 'n **Doel**: **hiertoe, daartoe**.

(iii) 'n **Oorsaak**: **waardeur, daardeur, hierdeur**.

(iv) 'n **Toegewing**: **egter, tog, nogtans, ewenwel, nietemin, intussen, desnieteenstaande**, ens.

(v) 'n **Middel**: **waarmee, hiermee, daarmee**, ens.

(vi) 'n **Voorwaarde**: **desnoods**.

(g) Van **Beperking**: **deels, andersyds, hieromtrent, dienaangaande, waaromtrent**, ens.

(h) Van **Omstandigheid**: **selfs, ook, nog, vergeefs, nouliks, alleen, buitendien, veral, ten eerste, ten laaste, daarenteë**, ens.

Onder die bywoorde val ook die sg. **voornaamwoordelike bywoorde**, soos **hierop, daaronder, daarvan, hierin, waaroor, waarmee, daarsonder**, ens. (kyk Hoofstuk VI), party waarvan alreeds hierbo genoem is onder die verskillende soorte bywoorde.

Verder moet hier melding gemaak word van 'n sekere groep bywoorde wat ook nog in 'n **voegwoordelike** funksie gebruik word, nl. om **newegeskikte** sinne met mekaar te verbind. Daarom word hulle dan ook **voegwoordelike bywoorde** genoem. Hulle druk uit:

1. **Aaneenskakelende** sinsverband: **ook, daarby, selfs, vereers, daarna, nog, vervolgens, eindelik, ten laaste, asook, ten twede**, ens.

**Voorbeelde**:

Die kinders speel en dans; **ook** sing hulle.
Piet is klein en swak; **daarby** is hy ook sieklik.
Ons sing en bid; **daarna** gaan ons slaap.

2. **Teenstellende** sinsverband: **daarenteë**, **egter**, **inteendeel**, **intussen**, **tog**, **nogtans**, **ewenwel**, **nietemin**, **nieteenstaande**, **anders**, **ondertussen**, ens.

**Voorbeelde**:

Hy is nie lui nie; **daarenteë** werk hy te veel.

Die son skyn heerlik; **egter** moet die pasiënt in die huis bly sit.

Piet is baie slim; **tog** is hy nie verwaand nie.

3. **Oorsaaklike** sinsverband: **daardeur**, **hierdeur**, **dus**, **derhalwe**, **hierom**, **daarom**, **immers**, **altans**, **bygevolg**.

**Voorbeelde**:

Jy is te ligsinnig; **daardeur** kom jy in moeilikheid.

Die eksamen is naby; **dus** moet ek leer.

Dit reën hard buite; **derhalwe** sal ek maar tuis bly.

Die uiterlike verskil tussen 'n voegwoordelike bywoord en 'n suiwer voegwoord is:

(a) Dat 'n voegwoord altyd by die begin van die twede sin moet staan, terwyl die voegwoordelike bywoord **in** die sin, of selfs aan die einde daarvan kan staan.

(b) Dat 'n voegwoordelike bywoord, as dit by die begin van 'n sin staan, inversie veroorsaak (d.i. die gesegde kom voor die onderwerp), terwyl 'n suiwer voegwoord in die reël die normale woordskikking in 'n sin nie verstoor nie.

**Voorbeelde**:

Hy is arm; **tog** gee hy baie geld weg (voegw. byw.).
Hy is arm; **maar** hy bedel nooit (voegw.).
Die werk is moeilik; **dus** moet jy my help (voegw. byw.).
Die werk is moeilik, **en** jy moet vir my help (voegw.).

My geld is op; ek kan jou **egter** kos gee (voegw. byw.).

My geld is op, **dog** ek kan vir jou kos gee (voegw.).

Dit is soms moeilik om die **bywoord** van die **voorsetsel** te onderskei. Die volgende wenke kan help om die verskil tussen dié twee rededele duidelik te maak:

(a) Die **voorsetsel** is 'n betrekkingswoord wat gebruik word in verband met 'n **naamwoord.**

(b) 'n **Bywoord** bepaal 'n **byvoeglike naamwoord,** 'n ander **bywoord**, of 'n **werkwoord**, en is dikwels so nou verbonde met die werkwoord dat die twee saam 'n samegestelde werkwoord vorm (kyk Hoofstuk XVII).

**Voorbeelde**:

Die kinders loop **om** die tafel (voors.).
Die kinders loop die tafel **om** (byw.).
Gert sit **op** die kar (voors.).
Klim maar **op**, Gert (byw.).
Ons loop **deur** die rivier (voors.).
Kom ons loop hier **deur** (byw.)

In hierdie voorbeelde vorm die bywoorde **om, op, deur** elkeen 'n deel van 'n skeidbaar-samegestelde werkwoord.

Party bywoorde, vernaamlik dié van Hoedanigheid en Hoeveelheid, kan verbuig word vir trappe van vergelyking net soos byvoeglike naamwoorde. Die volgende het **onreëlmatige** trappe van vergelyking:

| | | |
|---|---|---|
| agter | (verder agter) | die agterste |
| dikwels | meer, meermale | die meeste |
| sleg, erg | erger | die ergste |
| graag | liewer(s) | liefs, liewerste, graagste |
| naby | nader | die naaste |
| vroeg | eerder, vroeër | die eerste, vroegste |
| goed, wel | beter | die beste |
| selde | minder | die minste |

**Opmerkinge**:

(a) **Selde** is 'n bywoord:

Klaas kom **selde** hier.

**Seldsaam** is 'n byvoeglike nw.: 'n Komeet is 'n **seldsame** verskynsel.

(b) **Daarom** en **darem**:

Die mense is ontevrede; **daarom** mompel hulle (voegw. byw.).

President Steyn was **darem** 'n groot man (byw. van modaliteit).

Hy wou my eers nie help nie, maar hy het dit **darem** later gedoen (byw. van modaliteit).

(c) **Toe**:

(i) Sluit die deur **toe** (byw. van hoedanigheid).

(ii) Ons staan voor 'n **toe** deur byw. as bnw. gebruik).

(iii) Arend was so lui dat ek hom 'n pak slae moes gee: **toe** werk hy fluks (byw. van tyd).

(iv) Môre gaan ek huis-**toe** (byw. van plaas).

(v) **Toe** die jagter die leeu sien, skrik hy so dat hy somar heeltemal mis skiet (voegw. van tyd).

Hierdie laaste gebruik van **toe** is baie algemeen by die verhaaltrant en sien altyd op die **verlede**, d.i. op gebeurtenisse wat al verby is. Vir gebeurtenisse in die **toekoms** gebruik ons **as** of **wanneer**.

# HOOFSTUK XII.

## DIE VOEGWOORD.

Voegwoorde verbind gewoonlik sinne met mekaar. Selfs waar hulle woorde verbind, is daardie woorde in die meeste gevalle dele van sinne wat versweë is:

(a) **Sarel en Jakob werk in die tuin** = Sarel werk in die tuin en Jakob werk in die tuin.

(b) **Gert is slim, maar lui** = Gert is slim, maar Gert is lui.

Maar in die volgende gevalle verbind die voegword ongetwyfeld **woorde**:

(a) Die trein loop tussen Johannesburg **en** Pretoria.

(b) Twee **en** twee is vier.

Daar is twee hoofklasse van voegwoorde:

I. **Neweskikkende,** wat sinne van dieselfde rang of waarde met mekaar verbind, d.i. die een sin is nie afhanklik van die ander nie.

Neweskikkende voegwoorde word weer verdeel in die volgende soorte:

1. **Aaneenskakelende**: **en**, **beide** ...... **en**, **sowel** ...... **as**, **nie alleen nie** ...... **maar ook**; en die voegwoordelike bywoorde: **nog**, **daarna**, **ook**, ens.

(a) **Beide** die prins **en** die prinses was teenwoordig.

(b) **Nie alleen** Piet Retief nie, **maar ook** sy volgelinge is deur die Soeloes vermoor.

(c) Eers eet ons; **daarna** gaan ons slaap.

(d) Die kinders sing en speel; **ook** dans hulle.

2. **Teenstellende**: **maar**, **dog**, **of**, **òf** ...... **òf**; verder kan hier ook gebruik word die voegwoordelike bywoorde: **egter**, **tog**, **ewenwel**, **nogtans**, **desnietemin**, **inteendeel**, ens.

(a) Piet wou hom red, **dog** dit was te laat.

(b) Ons het die vyand probeer verras; dit het **egter** misluk.

(c) Sy voet is baie seer; **tog** kan hy nog loop.

(d) 'n Mens sou dink hulle is dankbaar; **inteendeel** probeer hulle ons kwaad doen.

3. **Oorsaaklike**: **want**; ook die voeg. byw. **dus**, **derhalwe**, **hierom**, **daarom**, **gevolglik**, **immers**, ens.

(a) Klaas kan nie kom nie, **want** hy is siek.

(b) Daar is ander mense voor jou; **derhalwe** moet jy wag.

(c) Meneer, staan asseblief op; dit is **immers** my sitplek.

II. **Onderskikkende Voegwoorde** verbind sinne met hulle afhanklike of ondergeskikte sinne. Hulle word verdeel in die volgende soorte:

1. Van **Plaas**: **waar**, **vanwaar**, **waarheen**, **tot waar**, **sover** (**as**):

(a) Hy gaan terug **vanwaar** hy kom.

(b) Ons het nou gekom **tot waar** die paaie uiteenloop.

2. Van **Tyd**: **as**, **wanneer**, **terwyl**, **toe**, **nadat**, **eer**(**dat**), **voor**(**dat**), **tot**(**dat**), **sodra** (**as**), **solank** (**as**), **so dikwels** (**as**):

(a) Ek vertrek **as** die boot kom.

(b) **Terwyl** hy nog groet, trek die trein.

(c) Wag hier **tot** ek kom.

(d) **Solank** hy by my was, het hy hom goed gedra.

3. Van **Rede** en **Oorsaak**: **omdat, deurdat, dewyl, aangesien, daar**:

(a) **Omdat** ek arm is, verag hulle my.

(b) Dit kom **deurdat** jy nie wil luister nie.

(c) Laat ons hom 'n aalmoes vra, **dewyl** hy ryk is.

4. Van **Gevolg** en **Gevolgtrekking**: **sodat, waarom, waardeur, dat**:

(a) Hy het geswoeg, **sodat** hy nou welaf is.

(b) Mnr. A. het so rojaal gelewe **dat** hy nou niks het nie.

5. Van **Doel**: **opdat, dat, om, ten einde** (**dat**):

(a) Werk hard, **dat** jy kan slaag in jou eksamen.

(b) Hy maak geld bymekaar, **ten einde** vir hom 'n moter te koop.

(c) Hy spaar sy geld, **dat** hy 'n perd kan koop.

6. Van **Voorwaarde**: **as, wanneer, mits, ingeval, gestel dat, tensy**:

(a) Ek sal jou die geld leen **as** (**wanneer, mits**) jy my belowe om dit oor drie maande terug te gee.

(b) Hulle sal vertrek, **mits** dit nie reën nie.

(c) Ek sal nie saamgaan nie, **tensy** hy my beleef vra.

7. Van **Wyse** en **Vergelyking**: (**net so**) ...... **soos, dan, as, asof**:

(a) Die soldate veg **soos** leeus.

(b) Kaapstad is groter **as** (**dan**) Wellington.

(c) Hy stap **asof** die wêreld aan hom behoort.

8. Van **Toegewing**: **ofskoon, hoewel, al, nieteenstaande dat.**

(a) Die Karo is vir my pragtig, **ofskoon** hy so kaal is.
(b) Ek sal jou tog help, **hoewel (nieteenstaande dat)** jy dit nie verdien nie.

(c) Groet maar vir haar, **al** gaan jy nie weg nie.

9. Van **Graad**: **as, (so) ...... dat.**

(a) Gee vir my net soveel **as** jy het.
(b) Hulle is so bly **dat** hulle dans en sing.

10. **Verklarende**: **of, dat**:

(a) Pa wil weet **of** Oom nog saamgaan.
(b) Hulle vertel **dat** die moordenaar opgespoor is.

11. Van **Omstandigheid**: **sonder dat, in plaas dat, terwyl, daargelate dat**:

(a) Ek moes weggaan **sonder dat** ek haar eens kon sien.
(b) Hy het sy seun 'n pak slae gegee **in plaas dat** hy liewer mooi met hom gepraat het.

12. Van **Verhouding**: **naarmate (dat), na gelang dat:** Ons Abraham word hoogmoedig **naarmate** sy aardse besittinge vermenigvuldig.

**Opmerkinge**:

1. Na **Voegwoordelike Bywoorde** word die woordorde in die **newegeskikte** sinne verstoor, d.i. die werkwoord kom onmiddellik na die voegwoordelike bywoord te staan:

(a) Die kinders sing en speel; **ook dans** hulle.
(b) Dit het baie gereën; **egter (tog, nogtans) was** almal daar.
(c) Daar is ander mense voor jou; **dus (derhalwe) moet** jy wag.

Met die suiwer neweskikkende **Voegwoorde** is dit nie die geval nie:

(a) Jan wou die perd ry, **maar hy kon nie.**

(b) Klaas kan nie kom nie, **want hy is siek.** (Kyk verder § I van hierdie hoofstuk.)

2. In die **ondergeskikte** sinne staan die gesegde aan die einde van die sin:

(a) Wie weet **wat hy gaan doen.**

(b) Ek voel treurig, **omdat my pa siek is.**

(c) Laat tog vir ons weet **as hulle kom.**

(d) Ek sal vir jou hierdie boek gee net **wanneer jy met jou werk begin.**

(e) Sy was so siek **dat ons die dokter moes inroep.**

Word die voegwoord voor die selfstandige sin egter weggelaat, of word die gesegde gevolg deur 'n beknopte bysin, dan geld die bogenoemde reël nie:

(a) Die generaal sê vir sy manskappe:

,,**Die vyand bestaan uit lafaards!**"

(b) Die leerling het vir my kom sien, omdat hy wou weet **waar om te loseer.**

(Kyk ook Hoofstuk II: Woordskikking in die samegestelde sin.)

## OEFENING 18.

Vooltooi die volgende sinne:

1. Ons het vakansie gekry; dus ......
2. Ek kan nie met jou saamgaan nie; want ......
3. My moeder is baie siek; daarom ......
4. Dit reën baie hard; derhalwe ......
5. Annie het in haar eksamen gedruip, omdat ......

6. Ons teenstanders in daardie voetbalwedstryd was baie sterk; tog ......
7. Jy sal 'n beloning kry, as ......
8. Die meisies het so mooi hokkie gespeel, dat ......
9. Die perd wou nie trek nie, ofskoon ......
10. Ons voetbalspan sal wen, mits ......
11. Jan, jy sal nooit 'n beroemde man word nie, tensy ......
12. Abraham het ook 'n sieling gegee, hoewel ......
13. Ek wens dat ......
14. Sy hou glad nie van Gert nie; inteendeel ......
15. Die onderwyser moes die klaskamer verlaat; intussen ......
16. Kan jy vir my sê waarom ......
17. Hessie was nog baie vaak toe ......
18. Ockert sou seker die prys gekry het, maar ......
19. Ons het almal baie van hom verwag, dog ......
20. Paul werk hierdie jaar baie hard, sodat ......

## OEFENING 19.

Maak sinne met die volgende Voegwoorde en Voegwoordelike Bywoorde: sowel ...... as, vanwaar, deurdat, nogtans, sodat, dewyl, ten einde, ingeval, wanneer, want, nòg ...... nòg, daarna, as, dat, mits, sodra, aangesien, ook, beide ...... en, omdat, hoewel, asof, daarom, opdat, gevolglik, daar, toe, desnietemin, òf ...... òf, desondanks.

## HOOFSTUK XIII.

## DIE VOORSETSEL.

Voorsetsels is betrekkingswoorde: hulle wys 'n betrekking, 'n verband aan tussen 'n handeling en 'n naamwoord, of tussen twee naamwoorde:

(a) **Die kat sit op die stoel** — hier wys **op** die betrekking aan tussen die handeling van die **kat** en die **stoel**.

(b) **Die hoed van pa** — hier wys **van** die betrekking aan wat daar bestaan tussen **pa** en **hoed**.

So ook:

(c) **'n Aap op 'n stok.**

(d) **Die boek in my sak**, ens.

In verreweg die meeste gevalle egter dui die voorsetsels 'n betrekking aan tussen 'n handeling en 'n naamwoord.

Voorsetsels word besonder baie gebruik in Afrikaans, omdat dit 'n taal is wat die meeste verbuigingsuitgange laat vaar het. Die betrekkinge, vroeër deur die verbuigingsuitgange aangedui, word nou meestal deur voorsetsels aangetoon.

Die vernaamste voorsetsels is die volgende:

(a) Wat 'n **Tyd** aandui: **binne** twee jaar; **oor** drie weke; Piet is nog **onder** twaalf; **voor** vieruur; **vir** vyf minute; **omtrent** ses jaar; **na** tien dae; **sedert** die laaste paar maande; **gedurende**, **tot**, ens.

(b) Wat 'n **Plek** aandui: **in** die huis; **onder** die tafel; **op** die dak; **bo-op** die berg; **langs** die straat; **teen**, **tussen**, **naas**, **agter**, **newens (neffens)**, **binne**, **buite**, ens.

(c) Wat **Beweging** aandui: **na** die Vrystaat toe; **om** die huis; hy spring **oor** die deur; **rondom** die tuin; **tot by** die rivier; **van** Pontius **na** Pilatus; **uit, verby,** ens.

(d) Wat ander betrekkinge aandui: dit is **deur** jou dat die ongeluk gebeur het; die man **met** die kapstewels; **ten spyte van** haar trane; **weens** jou ongehoorsaamheid: almal **behalwe** Piet; **in plaas van**; **in stede van**; **in weerwil van**; **namens** die inwoners; **ten gevolge van**; **aangaande** my en my huis; **sonder, buite** hom; alles **betreffende** die kandidaat; ens.

Party voorsetsels word met verskillende betekenisse, en soms ook in verskillende funksie gebruik. In die laaste geval is hulle dan natuurlik nie meer voorsetsels nie.

(a) **Aan**:

(i) Ek sê gister nog **aan** (of **vir**) my vrou, ek sal **aan** haar dink as ek in Pretoria is.

(ii) Die kinders sit **aan** tafel. Almal is **aan** wal.

(iii) Daar hang 'n appel **aan** die boom.

(iv) Ons speel, en Jan slaan vir Klaas **aan** (byw.).

(v) Klaas, jy is **aan**! (bnw.).

(b) **Agter** word nooit gebruik om **tyd** aan te dui nie:

(i) Annie sit **agter** haar ma in die kerk; die hond loop **agter** sy baas aan.

(ii) Ons loop in 'n ry, en Gert loop **agter** (byw.).

Maar: **na** die ete gaan ons uit; **na** die vakansie begin die skool weer.

(c) **Buite**:

(i) **Buite** hom was daar niemand nie.

(ii) Kom ons gaan **buite** speel (byw.).

(d) **Deur**:

(i) Ek steek my arm **deur** die mou.

(ii) Dit is **deur** jou dat hy nou in die tronk sit; hy het sy geld **deur** bedrog gekry.

(iii) Moenie hier staan nie; loop **deur** (byw.).

(e) **Na**:

(i) **Na** die diens in ons huis-toe.

(ii) Die soldaat gaan **na** die oorlog toe.

(iii) Hulle wys hom met die vinger **na** (byw.).

(iv) **Na** ons die besluit geneem het, is hy weg (voegw.).

(f) **Om**:

(i) Maria sal **om** drie-uur kom.

(ii) Die kinders hardloop **om** die huis. Hy het 'n boordjie **om** sy nek.

(iii) Ek huil **om** jou.

(iv) Hy het dit **om** sy moeder gedoen.

(v) Julle gooi nog vandag die kar **om** (byw.).

(g) **Onder**:

(i) Sannie loop **onder** 'n sambreel.

(ii) Saul is vandag **onder** die profete!

(iii) Oom Bartel woon daar **onder** (byw.)

(h) **Oor**:

(i) Ons ry **oor** die brug.

(ii) Hulle gesels **oor** alles en nog wat.

(iii) My oom woon **oor** (= anderkant) die berg.

(iv) Die ouers huil **oor** hulle stout kinders.

(v) Ons is alleen tuis; kom julle Sondag 'n bietjie **oor**? (byw.).

(i) **Met (mee, saam)**:

(i) Ek gaan dorp-toe; gaan jy **saam** (of **mee**)? (byw.).
(ii) Ja, ek sal **met** jou saamgaan.
(iii) Die meisie sal **saam met** haar broers gestraf word.

(j) **Teenoor**:

(i) Hy stel sy eis **teenoor** myne.
(ii) Hulle woon net reg **teenoor** ons.
(iii) Die generaal is baie vriendelik **teenoor** sy soldate.

(k) **Tot**:

(i) Die engel sê **tot** Lot (verhewe taal).
(ii) Ons het geklop **tot** vervelens-toe (voors).
(iii) Wag **tot(dat)** die reën verby is (voegw.).

(l) **Uit**:

(i) Die dief hardloop **uit** die huis (voors.).
(ii) Die dief hardloop die huis **uit** (byw.).
(iii) Is jou baas tuis? Nee, hy is **uit** (byw.).
(iv) Jy het dit net **uit** afguns gedoen (voors.).

(m) **Van**:

(i) Die steweltjies **van** Sannie.
(ii) Ek het 'n brief **van** my ouers ontvang. Kom jy **van** oom Klaas af?
(iii) Dit is nou tien jaar **van(dat)** ek hom laas gesien het (voegw.).

(n) **Vir** word besonder baie gebruik:

(i) Hier is 'n present **vir** jou.
(ii) **Vir** twee jaar heers die droogte nou al.
(iii) **Vir** my lyk die saak ernstig.

(iv) Gee **vir** hom 'n stukkie brood.

(v) Die perd het **vir** Gert geskop. Die meester het **vir** my geslaan (kyk Hoofstuk VI, § III, ¶ 4).

(o) **Voor**:

(i) Kom staan hier **voor** my.

(ii) Daar loop hy **voor** ons uit.

(iii) Nee, ek is bang; loop jy **voor** (byw.).

(iv) Die bedelaar het weggeloop **voor(dat)** ek hom nog iets kon gee (voegw.)

Voorsetsels beheers in Afrikaans net die **vierde** naamval. Vroeër het party van hulle in Nederlands verskillende naamvalle beheers; vandaar dat ons dus nog in Afrikaans 'n hele klomp uitdrukkinge het wat oorblyfsels van die ou naamvalle vertoon (kyk Hoofstuk VI, § III).

byderhand (= by + 3de nv. vr. van ,,hand'')

mettertyd (= met + 3de nv. vr. van ,,tyd'')

ter ore (= te + der ore, 3de nv. vr.).

sweet des aanskyns (2de nv. mnl.)

smôrens (= des morgens, 2de nv. mnl.)

in den beginne (3de nv. onsydig), ens.

(Vir die onderskeid tussen Voorsetsels en Bywoorde kyk Hoofstuk XI.)

## OEFENING 20.

Vul die gepaste voorsetsel in:

1. Ek verlang —— jou.
2. Die seun dink —— sy moeder.
3. Die vader is trots —— sy dogter.
4. Ouers is gewoonlik geheg —— hulle kinders.
5. Vrugte —— die bome.

6. Daar loop 'n mier —— die muur.
7. Hy dra 'n serp —— sy nek en 'n hoed —— sy kop.
8. Ek skaam my —— jou!
9. Hang jou hoed —— die kapstok.
10. Hy is bang —— slae.
11. Ons is bly —— die present.
12. Die twee broers wedywer —— mekaar.
13. Ons voetbalspan speel —— die besoekers.
14. Dit is tien —— een dat hy sy bestelling vergeet het.
15. Hy verheug hom —— 'n dooie rot.
16. Dit is —— jou dat die ongeluk gebeur het.
17. Ontmoet my —— vyfuur.
18. Steek jou arm —— die mou.
19. Hulle praat —— die vakansie.
20. Hy het dit net —— kwaadwilligheid gedoen.
21. Die onderwyser is onregverdig —— my.
22. Die moeder is bekommerd —— haar kind.
23. Piet gaan na Amerika toe —— twee jaar.
24. Jy kry dit nog —— die koop toe.
25. Ek word al net onrustig —— Sannie.
26. Jongmense behoort beleef te wees —— oumense.
27. Die predikant wys my —— my foute.
28. Saul is ook vandag —— die profete!
29. Hulle lag almal saam —— die grap.
30. Gert is jaloers —— Klaas.

# HOOFSTUK XIV.

## DIE WERKWOORD.

'n Werkwoord dui 'n werking, 'n toestand, of 'n verandering aan: **Piet werk**; **Jan slaap**; **Koos vertrek.**

Werkwoorde word in die volgende soorte verdeel:

(1) **Selfstandige ww.**, d.i. werkwoorde wat in staat is om 'n gesegde te vorm, sonder die hulp van naamwoorde (b.v. snw., bnw., infin., verl. deelw.): **Die timmerman saag 'n plank**; **die bakker bak 'n koek.**

(2) **Koppelww.**, d.i. werkwoorde wat saam met 'n naamwoord 'n gesegde vorm: **Moeder is lief; Gert word prokureur**; **die saak is te betreur**; **die meisie lyk opgewonde.**

(3) **Hulpww.**, d.i. werkwoorde wat met 'n naamwoordelike deel van 'n ander ww. (d.i. infinitief of deelwoord) die verandering van die werking aandui, wat betref vorm, wyse en tyd: **Die osse word ingespan**; **die wolke mag verby trek**; **die Boere het dapper geveg.**

(4) **Onpersoonlike ww.**, d.i. werkwoorde waarvan die onderwerp nie genoem word nie, en ook nie bepaald kan aangewys word nie: **Dit reën**; **daar word gedans**; **dit is koud.**

(5) **Wederkerende ww.**, d.i. werkwoorde waarvan die onderwerp en die lydende voorwerp dieselfde persoon is: **Die soldaat was hom**; **ek vergis my.**

## I. DIE SELFSTANDIGE WERKWOORD.

(1) **Sterk en swak**: 'n Werkwoord is sterk wanneer die verlede tyd gevorm word deur middel van 'n verandering in die stamklinker, en die verlede deelwoord op **e** eindig. Met uitsondering van die woorde **was, dag, wis** (wat ou verlede tye is), kom die sterk vorm van die werkwoord alleen voor in sommige verlede deelwoorde wat as byvoeglike naamwoorde gebruik word: **Ek dag dat hy sou kom**; **ons is ingenome met die nuwe baas**; **hy praat met 'n gebroke stem.**

Swak is 'n werkwoord wanneer dit sy verlede deelw. vorm deur middel van die voorvoegsel **ge-**, sonder verandering van die stamklinker. Die meeste werkwoorde in Afrikaans is van hierdie soort: **leer — geleer**; **kom — gekom**; **koop — gekoop.**

(2) **Oorganklik** of **transitief, onoorganklik** of **intransitief**: 'n Werkwoord is **oorganklik** as dit 'n lydende onderwerp, of voorwerp, kan hê, maar **onoorganklik** as die werking alleen tot die onderwerp beperk bly: **Die skape word gedip**; **die kind roep sy ouers**; **die slang slaap.**

Dikwels egter kom (a) oorganklike (transitiewe) ww. sonder voorwerp, en (b) onoorganklike (intransitiewe) ww. wel met 'n voorwerp voor. Vergelyk die volgende sinne:

| | | |
|---|---|---|
| (a) | Die man bou 'n huis. | Die mense bou hier. |
| | Hy draai die wiel. | Die wiel draai. |
| | Adoons kook die water. | Die water kook. |
| (b) | Die gordyne hang. | Hang my hoed aan die kapstok. |
| | Hy sterf soos 'n held. | Die moordenaar sterf 'n treurige dood. |
| | Die vuur brand mooi. | Die vuur brand 'n gat in my baadjie. |

(3) **Vorm**:

(a) 'n Werkwoord is in die **bedrywende** (aktiewe) vorm, as die handeling in die werkwoord genoem deur die onderwerp self verrig word: **Die esels trek die ploeg**; **die kat vang die muis**.

(b) 'n Werkwoord is in die **lydende** (passiewe) vorm, as die onderwerp die werking in die werkwoord genoem, ondergaan: **Die ploeg word deur die esels getrek**; **die muis word deur die kat gevang.**

Dit volg dus hieruit dat net transitiewe werkwoorde in die lydende vorm kan gebruik word. In die volgende uitdrukkinge egter word ook intransitiewe ww. in die lydende vorm gebruik: **Daar word gedans**; **daar word geklop**, ens. Sulke uitdrukkinge word **onegte**, of ook **onpersoonlike** lydende vorme genoem.

(c) Die lydende vorm word van die bedrywende gevorm deur middel van die hulpww. **word**:

| **Aktief.** | **Passief.** |
|---|---|
| Die seun skop die voetbal. | Die voetbal word deur die seun geskop. |
| Die koster het die klok gelui. | Die klok is deur die koster gelui (geword). |
| Die eienaar sal die plaas verkoop. | Die plaas sal deur die eienaar verkoop word. |
| Jy sou my pakkie gebring het. | My pakkie sou deur jou gebring geword het. (Hierdie vorm word selde in Afrikaans aangetref — die aktief word by voorkeur gebruik.) |

(4) **Wyse**:

(a) Die **aantonende** wys (indikatief) dui aan dat die handeling in die sin genoem, 'n werklikheid is op een of ander tydstip: **Hans slaan die bal**; **môre sal ek eet**.

(b) Die **gebiedende** wys (imperatief) dui aan dat die handeling in die sin genoem, deur die spreker verlang of gewens word. Dit word gebruik vir bevele en het dieselfde vorm vir die meervoud as vir die enkelvoud: **Saal op die perd**; **laat my dadelik los**; **moenie so raas nie.**

(c) Die **aanvoegende** wys (konjunktief) dui aan dat die handeling in die sin genoem **moontlik** is, **gewens** is, in **stryd** met die **werklikheid** in die verlede is, waarskynlik in stryd met die werklikheid sal bly: **hulle mag vanaand nog opdaag**; **God bewaar die arme mense in die storm**; **het die kerk dit geweet, sou hy handelend opgetree het**; **was hy tog nog maar in die lewe**; **ek sou dit graag wil doen, maar ek kan nie**; **dit sou jammer wees om hulle te skei.**

Die vorm van die ww. in die konjunktief is nie te onderskei van dié in die indikatief nie. **Mag, wou** en **sou** kom ook in die indikatief voor, sodat die konjunktief geen aparte vorm het nie. Dit word dan ook dikwels beweer dat die konjunktief glad nie meer in ons taal gebruik word nie. Al geld dit van die vorm, is dit tog waar dat die konjunktief in betekenis altyd duidelik van die indikatief te onderskei is.

(d) Die **onbepaalde** wys (infinitief) dui hoegenaamd nie aan in watter betrekking die handeling tot die werklikheid staan nie. Dit stel die werking voor as 'n selfstandigheid en dra dus die karakter van 'n werkwoord en 'n selfstandige naamwoord tegelyk: **Bergklim is 'n aangename oefening**; **hy hou baie van speel**; **dit was om te huil**; **om andere sleg te maak is makliker as om hulle te prys.**

(i) As werkwoord kan die infinitief 'n voorwerp of bywoordelike bepaling agter hom neem: **Vra die man om vir ons blomme te pluk**; **ek het verlof om in die tuin te wandel.**

(ii) As selfstandige naamwoord kan die infinitief diens doen as onderwerp, voorwerp, naamwoordelike gesegde, of bepaling van die onderwerp en die gesegde: **Om te vlieg is vir die mens onmoontlik**; **hulle bewonder die sing van die kinders**; **jou plig is om te swyg**; **die kans om te kies is verby**; **die mens moet werk om te kan leef.**

Ook staan die infinitief na 'n voorsetsel: **Hy eet sonder om te bid**; **deur so te handel maak jy net vyande.**

(iii) Hoewel die infinitief geen persoonsvorm van die ww. is nie en ook nie vir getal in aanmerking kom nie, word daar tog twee **tye** daarvan onderskei: 'n **teenwoordige**, en 'n **verlede**:

**Dit is swaar om arm te wees**; **dit is beter om eers arm te gewees het en dan ryk te word.**

Die vorm van die teenwoordige tyd word ook gebruik vir die toekomende: **Ons verwag om voor aanstaande maand die goed te kry.**

Die verlede tyd van die infinitief vind ons na hulpww. (sal, wil, ens.) en na **hoef** en **behoort**. Die vorm is (**te**) + **verl. deelw.** + **het**:

**Julle hoef nie die les te geleer het nie**; **jy behoort jou lewe te gewaag het**; **ek moes die moter gekoop het**; **teen môremiddag sal ons die uitslag gehoor het.**

(iv) Die infinitief kom in drie vorme voor:

Sonder **te** of **om te**:

(a) Met 'n hulpww.: **Hy kan** (**mag, wil, sal, moet, durf**) **gaan.**

(b) As onderwerp of voorwerp: **Loop is goed vir die bene**; **ek hou van perdry.**

(c) As bepaling van gesteldheid: **Ek sien die trein vertrek**; **hoor jy die hond blaaf?** **hy voel sy hart klop.**

(d) As deel van 'n samegestelde gesegde, in gevalle waar die twee werkwoorde (nie hulpww. nie) mekaar aanvul: **Help my die wiel draai**; **laat die werk staan**; **kom haal my oormôre**; **die voëls gaan slaap**.

(e) Na 'n voorsetsel: **Hou op met raas**; **met lieg hou ek my nie op nie**; **vir veg was hy ook gereed**.

Met **te**:

(a) In voorsetselbepalinge van oorsaak of middel wat met **deur** of **met** begin: **Deur dit te doen, sal jy my 'n diens bewys**; **die spreker begin met sy opponent sleg te maak**.

(b) Ook na ander voorsetsels as die infinitief meer bepaald as werkwoord gevoel word: **In plaas van te werk, loop jy rond**; **na soiets te gedoen het, sal hy alles kan dden**.

(c) Na **hoef, behoort, is**: **Jy hoef nie te skryf nie**; **hy behoort sy plig te doen**; **die goed is te koop**.

Met **om te**:

(a) In bywoordelike bepalinge van doel: **Ons werk almal om ons kos te verdien**; **die skelm lieg om los te kom**.

(b) In byvoeglike bepalinge: **Die sug om te behaag is by meisies natuurlik**; **dis 'n goeie man om die pos te vul**.

(c) Na byvoeglike naamwoorde, veral in sinne wat met **dis** begin: **Dis moeilik om die probleem op te los**; **hulle het genoeg om van te leef**; **dis nie maklik om feite weg te redeneer nie**; **dis (genoeg) om boos oor te word**.

(d) Na **hoe, wat, te + bnw.**, sonder:

**Ek weet hoe om die land te meet**; **sê hom wat om te doen**; **sy is te lelik om aantreklik te wees**; **'n mens kan prokureur wees sonder om te bedrieg**.

(e) As voorwerp, na sekere transitiewe ww., b.v. begeer, belowe, gebied, raai, meen, herinner, weier, vergeet, vergun, voorstel, verwag, verlang: **Hy raai my om die brief te pos**; **wie wil voorstel om van die saak af te stap**? **Ierland verlang om vry te wees**; **sal die koning my vergun om met hom te praat**?

(v) By 'n paar ww. kom die infinitief met 'n uitgangs **-e** voor, wat nog 'n oorblyfsel is van -en in Nederlands: **Die toestand van die pad laat veel te wense oor**; **die man is dood, soos te wagte was**; **hoe kan 'n mens dit te wete kom**? **wil jy te kenne gee dat hier bedrog gepleeg is**? **dis te hope dat ons sukses sal hê.**

Hierdie infinitiewe kom ook sonder die **-e** voor, wanneer hulle nie noodwendig met **-e** geskryf word nie: **Wat help dit om vir onmoontlike dinge te wens**?

(vi) As 'n verlede deelwoord deur 'n infinitief gevolg word, kan die deelw. ook in 'n infinitief omgesit word:

Ek het die man **gehoor**. Ek het die man **hoor sing**. Het jy vir Piet **gesien**? Ja, ek het hom daar **sien loop**.

(5) **Tyd**:

Met betrekking tot die tyd wanneer 'n handeling plaasvind, kan 'n mens jou verskillende voorstellinge maak. Dit kan wees: (i) in die teenwoordige, in die verlede, of in die toekoms; (ii) voltooi of onvoltooi in die tye in (i) genoem; (iii) toekomstig in die verlede, of verlede in die toekoms. Vir die aantonende wys sal daar dus minstens ag tye wees:

(a) Die **onvoltooide teenwoordige** tyd stel 'n handeling voor as onvoltooi in die teenwoordige: **Ek was my hande.**

(b) Die **voltooide teenwoordige** * tyd stel 'n handeling voor as voltooi in die teenwoordige: **Ek het my hande gewas** en gaan nou eet.

---

* Dit kan ook eenvoudig as Verlede Tyd beskou word.

(c) Die **onvoltooide verlede** tyd stel 'n handeling voor as onvoltooi in die verlede: **Toe hy binne kom**, het ek geloop.

(d) Die **voltooide** verlede tyd stel 'n handeling voor as voltooi in die verlede: Toe hy gister daar kom, **het ek al my opstel geskryf**.

(e) Die **onvoltooide toekomende** tyd stel 'n handeling voor as onvoltooi in die toekoms: **Môre sal hy die boek bring**.

(f) Die **voltooide toekomende** tyd stel 'n handeling voor as voltooi in die toekoms: **Vanaand om 10 uur sal ek die spel gesien het**.

(g) Die **onvoltooide verlede toekomende** tyd stel 'n handeling voor as onvoltooi op 'n tydstip wat toekomstig was ten opsigte van die verlede: Hy het geskryf **dat hy teen môre hier sou aankom**.

(h) Die **voltooide verlede toekomende** tyd stel 'n handeling voor as voltooi op 'n tydstip wat toekomstig was ten opsigte van die verlede: Hy het geskryf **dat hy die werk teen môre sou gedaan het**.

Daar die aanvoegende wys uit die aard van die saak die idee van toekomendheid bevat, volg dit vanself dat hier geen toekomende tye in aanmerking kom nie.

By die gebiedende wys moet die handeling dadelik in die teenwoordige plaasvind, en kom dus alleen die teenwoordige tyd voor.

## OPMERKINGE BY DIE TYE.

(i) Daar bestaan alleen twee vorme van die ww. deur middel waarvan veranderinge wat betref vorm, wyse, tyd, ens., kan aangetoon word: (a) die vorm van die teenwoordige tyd, wat tegelyk ook die stam van die ww. is, en (b) die vorm van die verlede deelwoord. Vir die res word die hulpwerkwoorde gebruik. Die vervoeging van ons werkwoord is dus heel eenvoudig.

(ii) In die teenwoordige tyd vind ons twee vorme van 'n paar ww.: **gaan** of **gaat**, **slaan** of **slaat**, **staan** of **staat**, **sien** of **siet**, **doen** of **doet**. Werkwoorde op **-f** (ontstaan uit 'n Nederlandse **v** in die infinitief) kom ook voor met **-we** in plaas van **-f**: **Ek skryf** of **skrywe 'n brief**. Ook by die infinitief na hulpww. en in die verlede deelw. word albei vorme aangetref: **Ek sal skryf of skrywe**; **ek het aan hom geskryf of geskrywe**.

Let ook op die volgende vorme wat nog naas mekaar gehoor word: **vraag — vra**; **waag — wae — wa**; **draag — dra**; **leg — lê**; **seg — sê**; **jaag — ja**; **veeg — vee**; **saag — sae**; **ryg — rye**; **vlieg — vlie — vlieë**; **lieg — lie**; **bedrieg — bedrieë**; **ploeg — ploeë — ploe**; **kleed — klee**; **terg — têre**; **sorg — sôre**; **geloof — glo**; **beloof — belo — belowe**; **begin — begint — beginne**; **reën — reent**; **behoor — behoort**; **spel — spelle**; **bid — bidde**; **vind — vinde**.

(iii) As die handeling voortduur in die teenwoordige, word dit as volg uitgedruk: **Hy is aan die** (of **aan't**) **skryf** of **hy is besig met skryf**.

Soms word die vorm van die teenwoordige tyd ook gebruik vir 'n handeling wat nog sal plaasvind, of reeds in die verlede plaasgevind het: **Vanmiddag gaan ons strand-toe**; **toe ek gister daar kom, vertel hy my die hele storie**.

Van die inhoud van die sin sal dit egter altyd volkome duidelik wees watter tyd bedoel word. Wanneer daar kans vir verwarring by die hoorder bestaan, gebruik die spreker een of ander woordjie om dit duideliker te stel. So gebruik ons o.a. **nou** vir die teenwoordige, **toe** vir die verlede, **dan** vir die toekomende, **al** vir die voltooide verlede: **Ek het hom nou, netnou, of nou-nou gesien**; **toe hy my sien, neem hy die loop**; **as jy nou loop, dan sien jy my nie weer nie**; **toe jy my ontmoet het, het ek hom al gesien**. Waar Afrikaans dus sekere vorme wat in Nederlands bestaan, weggegooi het, b.v. die imperfektum (kwam, zag, werd, stond, ens.), die plusquam-

perfektum met **had** en die verskillende vorme vir die konjunktief, daar kom ander woorde in hulle plek om die nodige betekenis uit te druk. En glad nie noodwendig minder goed nie. Daar bestaan hoegenaamd geen rede waarom ons b.v. **werd** en **had** moet invoer in die taal nie, terwyl ons in die werklikheid nog altyd goed sonder hulle klaargekom het. Dit sou 'n onnodige kloof gaan vestig tussen spreek- en skryftaal.

(iv) In die voltooide verlede tyd word ,,had'' deur sommige skrywers nog gebruik (b.v. ,,Sonde met die Bure,'' van Langenhoven) en af en toe word dit ook in die spreektaal gehoor. Daar bestaan egter geen twyfel dat dit oor die algemeen selde aangetref word, behalwe in die geval van bywoordelike sinne van voorwaarde: **As ek tyd had, sou ek met jou meegaan**, hoewel **as ek tyd gehad het** miskien nog gebruikliker is. Die woordjie **al** of **alreeds** dui gewoonlik die plusquamperfektum genoegsaam aan: **Toe ek gister daar kom, het hy al sy werk gedaan**, of, **was hy al klaar met sy werk**.

(v) **Werd** kom feitlik nooit in die spreektaal voor nie, hoewel dit nog nie heeltemal uit die skryftaal verdwyn het nie. In plaas van ,,werd,'' word ,,is'' gebruik vir die verlede tyd van die lydende vorm, b.v., **Wanneer is hierdie huis gebou**? **Die huis is in 1875 gebou**.

In hierdie verband is dit nodig om te wys op die verkeerde gebruik van ,,was'' vir die verlede tyd: **Die huis was in 1875 gebou.** Dit is 'n uiters ongewenste voorbeeld van 'n anglisisme. ,,Was'' word alleen vir die voltooide verlede tyd van die passief gebruik: **Toe hy my kom roep het, was die perde al ingespan.**

(vi) Sommige werkwoorde wat 'n verandering van plaas of toestand aandui, neem sowel **het** as **is** vir die verlede tyd: **Wanneer is** of **het dit gebeur**? **die kind is om 12 uur in die nag gestorwe**; **sy gesig is baie verander**; **hulle is gister getroud**.

Soms word **is** ook alleen gebruik: **Jan is vannag Karo-toe; die koei is vanmôre dood; hoe laat is jy van die plaas? toe ek daar kom, was hy reeds weg.**

In 'n verhaal van wat in die verlede plaasgevind het, word die teenwoordige tyd dikwels gebruik om die verhaal lewendiger te maak. Dit word dan die historiese teenwoordige genoem: **Koos is nou op die grond, tel die gekwetste jongeling saggies op, en lê hom op die grond neer. Hy wil na die wonde kyk, maar Jan wil hom nie toelaat nie.**

(6) **Getal en persoon**:

Die vorm van die ww. verander nie om verskil in getal of persoon uit te druk nie. Die vorm **skryf** word vir die enkelvoud sowel as vir die meervoud gebruik en ook vir aldrie persone. **Ek skryf, jy skryf, hy skryf, ons skryf, julle skryf, hulle skryf.**

---

## HOOFSTUK XV.

### **Die Werkwoord** (*vervolg*).

### DIE DEELWOORDE.

Net soos die infinitief, behoort die deelwoorde nie tot die persoonsvorm van die ww. nie. Hulle word soms as werkwoorde en soms as byvoeglike naamwoorde gebruik, waarom hulle dan ook deelwoorde genoem word. Daar is twee deelwoorde (a) die **teenwoordige,** en (b) die **verlede** deelwoord.

(a) Die teenwoordige deelwoord druk 'n handeling uit wat voortduur, dus 'n onvoltooide handeling: **spelende, sittende, lopende.** Behalwe in die geval van **doen, staan, sien, slaan, gaan** (doende, staande, siende,

slaande, gaande), word die teenwoordige deelwoord van die infinitief gevorm deur die uitgang **-ende** aan te las (met inagneming van die spelreëls): **eet — etende**; **skryf — skrywende**; **lees — lesende**.

(b) Die verlede deelwoord druk 'n handeling uit wat voltooi is: **geploeg, gekap, geskryf.** Dit word gevorm van die infinitief deur middel van die voorvoegsel **ge-**.

(1) Die teenwoordige deelw. het 'n aktiewe, die verlede deelw. 'n passiewe betekenis, as die ww. oorganklik is: **Skrywende studente**; **geskrewe briewe.**

In die geval van ww. wat aandui dat die onderwerp in 'n toestand verkeer, kan alleen die teenwoordige deelw. as byvoeglike naamwoord gebruik word, terwyl die verlede deelw. dan meer as werkwoord diens doen: **Lopende water**; **die water het geloop.**

Druk die werkwoord 'n verandering van toestand uit, dan work albei deelw. as byvoeglike naamwoorde gebruik: **'n Veranderende toneel**; **'n veranderde toneel.**

Sommige byvoeglike naamwoorde was eers deelw., maar word nie meer as sulks gevoel nie, b.v. **oplettend, vallend, uitstekend**: **'n Oplettende kind**; **die vallende siekte**; **uitstekende dienste.**

(2) In Afrikaans kom die teenwoordige deelw. meestal as attributief-gebruikte bnw. voor: **kokende melk**; **staande water.**

In bepalinge van die onderwerp of voorwerp waarin die werkwoordelike funksie van die teenwoordige deelw. meer bepaald gevoel word, is dit beter om 'n byvoeglike sin te gebruik, b.v. **'n Groot rots, oor die water uitstekende, was my behoud**, behoort vervang te word deur: **'n Groot rots wat oor die water uitgesteek het, was my behoud.**

In die volgende sinne egter is die gebruik geregverdig:

Die hele leër, **bestaande uit 3,000 man**, is op die loop geja.

**Van dié standpunt uitgaande**, sou jy tot dieselfde gevolktrekking moet kom.

**Wetende wat my gevoelens is**, moes jy liewer geswyg het.

Ingeslote vind u 'n tjek vir £100, **synde rente op £1,600**.

(3) In die volgende sinne word die teenwoordige deelw. predikatief gebruik:

Die saak is **hangende**.

Die vrou is **sterwende**.

Die man is **lydende**.

Hy doen sy werk **singende**.

**Al springende** loop hy die huis uit.

Die laaste twee voorbeelde word beter uitgedruk deur: **Hy doen sy werk sing-sing** en **hy loop spring-spring die huis uit**, waar **sing-sing** en **spring-spring** dan as bepalinge van omstandigheid kan beskou word.

(4) Die verlede deelw. word gevorm deur middel van die voorvoegsel **ge-**, behalwe wanneer die ww. onskeidbaar samegestel is (kyk Hoofstuk XVII), of wanneer die ww. een van die voorvoegsels **be-**, **ge-**, **er-**, **her-**, **ont-**, **ver-**, het:

**Natal word grotendeels deur Kaffers bewoon.**

**Die beskuldigde het eindelik erken dat hy skuldig is.**

Meerlettergrepige ww. op **-eer** word in die verlede deelw. met of sondr **ge-** geskryf: **Het het studeer** of **gestudeer**; **hulle het probeer** of **geprobeer**.

(5) Die verlede deelw. van werkwoorde wat eindig op **l**, **m**, **n**, **r**, of 'n **vokaal**, as hulle predikatief gebruik word, eindig soms op 'n **d**, soms nie, b.v. **verander** of **veranderd**.

In die algemeen geld die reël dat hie verlede deelw. **-d** neem as dit bloot as byvoeglike naamwoord gebruik word, en sonder **-d** geskryf word as dit meer as ww. gebruik word:

Hy het my **teleurgestel** (ww.).
Ek voel **teleurgesteld** (bnw.) .

In sommige gevalle is dit egter moeilik om uit te maak of die deelwoord in sy werkwoordelike, of in sy byvoeglike betekenis gebruik word. In die sin **Die huis is gemeubileer**, kan dit sowel die een as die ander wees. Word hier gedink aan die werk wat daar gedaan is, soos uitgedruk in die werkwoord ,,meubileer,'' dan is **Die huis is gemeubileer** korrek. Maar dink die spreker aan die hoedanigheid van die huis (soos in **'n gemeubileerde huis**), nadat die meubels daarin gesit is, dan neem die woord in die reël 'n **-d**, en sou dit dan moet wees: **Die huis is gemeubileerd.**

Daar is egter ongetwyfeld 'n neiging om die **-d** al meer en meer weg te laat, selfs wanneer dit duidelik is dat die deelwoord nie in sy werkwoordelike funksie gebruik word nie, of ook in woorde wat klaarblyklik nie van werkwoorde afkomstig is nie. So is daar b.v. geen werkwoord met 'n voorvoegsel **on-** nie, en tog word 'n vorm ,,onbepaal'' aangetref in 'n sin soos: **Die datum is nog onbepaal**. Daar is geen werkwoord ,,stewel'' nie, maar daar word darem gepraat van ,,gestewel en gespoor,'' b.v. **Die offisier het gestewel en gespoor hier aangekom**. Dit sal dus beter wees om die reël nog wyer te stel en te sê dat die **-d** gewoonlik wegval wanneer die woord in verband met 'n werking kan gebring word. In dié geval sou die woord ,,onbepaal,'' hierbo gebruik,

moet beskou word in die betekenis van ,,nie bepaal nie.'' Op dieselfde manier sou die gebruik in die volgende sin moet verklaar word:

Hy is **ongeskeer**, **ongekam** en **ongepoeier**.

(6) In die volgende gevalle word die deelwoord altyd sonder **-d** geskryf, omdat dit altyd as werkwoord fungeer:

(a) In die verlede tyd met **het** of **is**:

Ek het my planne **verander**.
Is die toneel al **verander**?
Die grond is **verdor**.
Die burgemeester het my met 'n uitnodiging **vereer**.

(b) In die passief met **word**, **is**, of **is geword**:

Daar word vir 'n parlementslid **gestem**.
Die vergadering is vir Woensdag **bepaal** geword.
Ons huis is verlede jaar **gemeubileer**.
Dié ou skool is in 1875 **gebou**.

(7) Die werkwoorde waarvan sommige verlede deelwoorde gevorm is, het in onbruik geraak, b.v. **bemiddeld**, **welgesteld**. In sulke gevalle is die deelwoord bloot 'n byvoeglike naamwoord, en kan dit dus nie in verband met 'n werking gebring word nie. Hulle sal dus met 'n **-d** geskryf word:

My vriend is **welgesteld**.
Jou maat is **ongesteld**.
Mnr. S. is **bemiddeld**.
Die eiers lyk **bebroeid**.

(8) In 'n paar gevalle word die verlede deelwoord as bywoord van modaliteit gebruik: **Hy is bepaald lelik**; **sy is ongetwyfeld mooi**.

(9) Vergelyk nou die gebruik van die verlede deelwoord in die sinne hieronder. In die eerste kolom fungeer die deelwoord as 'n ww., of kan dit in verband

met 'n werking gebring word; in die twede kolom fungeer dit as 'n byvoeglike naamwoord of bywoord, of word dit nie in die gedagte met 'n werking verbind nie:

| I. | II. |
|---|---|
| Jy het jou te veel **vermoei**. | Hy werk **onvermoeid** voort. |
| Jan het hom daaroor **bekommer**. | Piet is **onbekommerd**. |
| Die publiek het hom **geëer**. | Die man lyk **geëerd**. |
| Ons het 'n goeie les **geleer**. | Daardie heer is baie **geleerd**. |
| Die perd het in die water **geduiwel**. | Die vent lyk my **beduiweld**. |
| Die kind het sy ouers **beskaam**. | Waarom is jy so **beskaamd**? |
| Die oorlog het ons **verarm**. | Dié sukkelaar bly **verarmd**. |

(10) **Sterk vorme van die verlede deelwoord.** Hoewel, soos ons tevore gesien het, die ww. in Afrikaans, op 'n paar uitsonderinge na, altyd swak vervoeg word, is daar tog 'n groot aantal werkwoorde waarvan daar 'n sterk vorm bestaan in die attributief-gebruikte verlede deelw. In baie gevalle bestaan die sterk vorm naas die swakke. Die sterk vorm het dan gewoonlik 'n figuurlike betekenis. Hieronder volg 'n aantal van sulke ww.:

bly — die agtergeblewe kinders.

kry — ons verkreë regte.

ly — gelede onreg; die oorlede man.

prys — 'n veelgeprese boek.

ry — die berede poliesie.

skryf — 'n beskrewe wet.

slyt — verslete klere.
stry — 'n onbestrede mosie.
begin — die begonne werk.
dwing — gedwonge onderwys.
krimp — 'n bekrompe man.
wen — opgewonde mense.
wen — herwonne vryheid.
sing — die gesonge lied.
skend — geskonde regte.
trek — betrokke lug.
bedrieg — bedroë onskuld.
bied — verbode dade.
kies — die gekose lede.
sweer — geswore vriende.
sluit — met geslote deure.
genees — genese wonde.
gee — my gegewe woord.
lees — die gelese rapport.
vergeet — langvergete dae.
bid — haar aangebede beeld.
lê — 'n vergeleë land.
sit — die aangesetene.
neem — genome besluite.
spreek — die gesproke woord.
val — 'n gevalle meisie.
hef — 'n verhewe posiesie.
skep — 'n welgeskape seun.
bederf — 'n bedorwe kind.
werp — die verworpe voorstel.
graaf — die uitgegrawe goud.
vang — gevange soldate.
span — met gespanne aandag.
beveel — die aanbevole kandidaat.
doen — gedane sake.

Onderstaande is 'n paar voorbeelde van ww. waar die swak en die sterk vorme naas mekaar bestaan:

Ons staan voor 'n **toegesluite** deur.

Die oorsake van die rebellie is vir hom 'n **geslote** boek.

Sit die **geslypte** messe eenkant.

Hendrik is 'n **geslepe** vent.

Pas op! daardie **gebuigde** tak breek maklik.

Met **geboë** hoof staan hy by die graf.

Pak die **vasgebinde** gerwe op 'n hoop.

Winkelklerke lei 'n **gebonde** lewe.

Ek hou van 'n **volgeskinkte** koppie koffie.

Die **beskonke** Hotnot is tronk-toe.

Die tandarts het my **uitgetrekte** tand gehou.

Die wiskunde is 'n **afgetrokke** wetenskap.

Ons eet **gebreekte** mielies in plaas van rys.

Hierdie Engelsman praat 'n **gebroke** Afrikaans.

Uit al die voorbeelde blyk dat die sterk vorm die figuurlike, die swak vorm die letterlike betekenis het. As albei vorme ook predikatief voorkom, sal die sterk vorm 'n byvoeglike betekenis hê:

Die dorp is deur die Duitsers **ingeneem**.

Die professor is **ingenome** met sy nuwe woning.

Die Boere het **besluit** om te veg.

Ek is vas **beslote** om jou in die wiele te ry.

Het jy die horlosie **opgewen**?

Die skare was baie **opgewonde**.

## VERLEDE DEELWOORD VAN SWAK WERKWOORDE.

As die verlede deelwoord van werkwoorde wat ook in Nederlands swak was, attributief gebruik word, dan neem dit **-de** of **-te**, b.v. **die gevreesde moordenaar**; **die verligte eeu**.

In Nederlands is die reël heel eenvoudig wat betref die kwessie van **-de** of **-te**. Dit is naamlik dit: Wanneer die slotmedeklinker van die stam van die werkwoord stemhebbend is, d.i. een van die volgende medeklinker is: **b, d, g, l, m, n, r, v**,* **w, z**,* dan eindig die verlede deelwoord op **-d** (attributief **-de**). Is die slotmedeklinker van die stam daarenteë stemloos, d.i. een van die volgende medeklinkers: **f, ch, k, p, s, t**, dan eindig die verlede deelwoord op **-t** (attributief **-te**). In die geval van werkwoorde wat eindig op 'n klinker of 'n tweelank, word ook **-d** of **-de** geskryf.

In Afrikaans geld dieselfde reël, behalwe dat **ch**, **v**, en **z** nooit gebruik word nie (**g**, **f**, en **s** word gebruik), en **w** aan die end van 'n woord nie voorkom nie. Dit beteken dus dat ons die oorspronklike Nederlandse woord moet ken, om met sekerheid te kan sê of die verlede deelwoord op **-de** of **-te** eindig. Gewoonlik sal ons vind dat die verlede deelwoord op **-te** eindig as die werkwoord op **g**, **f**, of **s** eindig, voorafgegaan deur 'n sterkbeklemtoonde kort klinker, uitgesonderd **ie** en **oe**: **die veragte skelm**; **'n gestrafte misdaad**; **'n gelaste riem** —— maar: **gesaagde hout**, **geskaafde planke**, **verbaasde mense**, **geploegde grond**, **geliefde gemeente**.

Die feit egter dat in Afrikaans, net soos in Nederlands, 'n medeklinker aan die end van 'n woord altyd stemloos uitgespreek word, en verder, dat die klanke **v**, **z**, en **g** (as stemhebbende glyer) alleen in enkele verbindinge voorkom, is oorsaak dat daar 'n neiging bestaan om sommige woorde wat volgens reël op **-de** moet eindig, op **-te** te laat eindig. So hoor 'n mens in sommige kringe b.v. **gekloofte hout**, **geploegte grond**, **opgeblaaste padda**, ens., maar hierdie uitspraak is seker nie algemeen genoeg om so 'n skryfwyse te wettig nie.

---

* 'n Onegte **f** en **s** word in die stam geskryf in plaas van **v** en **z**, b.v., loof — loven, raas — razen.

**Opm.** As die stam van die werkwoord reeds op **-d** of **-t** eindig, word die **d** of **t** verdubbel as daar 'n **-e** aangevoeg word, mits die **d** of **t** nie voorafgegaan word deur 'n medeklinker, 'n lang klinker, **ie**, of **oe** nie: **'n bekladde stuk papier**; **verhitte bloed**; **'n geënte boom**; **'n onbeantwoorde vraag**; **opgevoede klas**; **bespiede vyand**; **gehate dinge**; **verlate huise**.

## VERVOEGING VAN 'N REËLMATIGE SELFSTANDIGE WERKWOORD.

Daar die vorm van die werkwoord in Afrikaans dieselfde is vir al die persone en getalle, word hier kortheidshalwe net die vorm van die eerste persoon enkelvoud aangegee.

### I. BEDRYWENDE VORM.

1. **Aantonende Wys.**

Onvoltooide Teenw. Tyd: ek prys.
Voltooide Teenw. Tyd: ek het geprys.
Onvoltooide Verl. Tyd: ek het geprys.
Voltooide Verl. Tyd: ek het geprys.
Onvoltooide Toek. Tyd: ek sal prys.
Voltooide Toek. Tyd: ek sal geprys het.
Onvoltooide Verl. Toek. Tyd: ek sou prys.
Voltooide Verl. Toek. Tyd: ek sou geprys het.

2. **Aanvoegende Wys.**

Onvoltooide Teenw. Tyd: ek sou of mag prys.
Voltooide Teenw. Tyd: ek sou of mag geprys het.
Onvoltooide Verl. Tyd: ek sou of mag geprys het.
Voltooide Verl. Tyd: ek sou of mag geprys het.

3. **Gebiedende Wys.**

(Onvoltooide Teenw. Tyd):

3. laat hom prys, of hy moet prys.

4. **Onbepaalde Wys.**

Teenw. Tyd: prys, te prys, of om te prys.
Verl. Tyd: (om) te geprys het.

5. **Deelwoorde.**

Teenwoordige: prysende.
Verlede: geprys.

## II. LYDENDE VORM.

1. **Aantonende Wys.**

Onvoltooide Teenw. Tyd: ek word geprys.
Voltooide Teenw. Tyd: ek is geprys (geword).
Onvoltooide Verl. Tyd: (ek werd geprys); ek is geprys (geword).
Voltooide Verl. Tyd: ek was geprys (geword).
Onvoltooide Toek. Tyd: ek sal geprys word.
Voltooide Toek. Tyd: ek sal geprys geword het.
Onvoltooide Verl. Toek. Tyd: ek sou geprys word.
Voltooide Verl. Toek. Tyd: ek sou geprys geword het.

2. **Aanvoegende Wys.**

Onvoltooide Teenw. Tyd: ek sou of mag geprys word.
Voltooide Teenw. Tyd: ek sou of mag geprys geword het.
Onvoltooide Verl. Tyd: ek sou of mag geprys geword het.
Voltooide Verl. Tyd: ek sou of mag geprys geword het.

3. **Gebiedende Wys.**

Onvoltooide Teenw. Tyd: 2. word geprys, of jy moet geprys word.
3. laat hom geprys word, of hy moet geprys word.

4. **Onbepaalde Wys.**

Teenw. Tyd: geprys te word, of om geprys te word.
Verl. Tyd: (om) geprys (te) geword het.

5. **Deelwoorde.**

Verlede: geprys.

## OEFENING 21.

Skryf die infinitief in die korrekte vorm:

1. Jy hoef dit nie (doen) nie.
2. Hulle het my ook gevra (saamgaan.)
3. Die onderwyser leer die kinders hoe (skryf).
4. Hy is te lui (werk).
5. Jy behoort eers die waarheid (uitvind) eer jy praat.
6. Ek durf hom dit nie (sê) nie.
7. Deur hard (werk) sal jy sukses hê.
8. Ek het gekom (jou help).
9. Ons het geskei (nooit weer ontmoet nie).
10. Dit is genoeg van (lewe).
11. Ons behoort hom die pakkie (gegee het).
12. Ander mense eet (lewe), maar die vraat lewe (eet).
13. Ek het nie tyd nou na jou (luister) nie.
14. Pa het vir Klaas gestuur (die dokter haal).
15. Hierdie vrugte is goed (eet).
16. (Weg hardloop) sou beter gewees het as jou (laat) seermaak.
17. Jy hoef jou nie so (ontstel) nie.
18. Dit is (kwaad word).
19. Ek weet nie wat (doen) nie.
20. Dit is moeilik (jou raad gee).

21. Die seun lyk te onskuldig (skelm wees).
22. Die lus (steel) is by daardie dief ingebore.
23. Deur jou pligte trou (vervul) sal jy vooruitkom in die wêreld.
24. Hy is net die man (jou fiets regmaak).
25. Dit is (hoop) dat sy betyds sal kom.
26. Meneer, sal u my toelaat ('n paar woorde met u praat)?
27. Ek sal my bes doen (jou plesier).
28. Ek het die moordenaar (gesien hardloop).
29. Ons het die orkes (gehoor speel).
30. Moenie bang wees (vir jou opienie uitkom) nie.

## OEFENING 22.

Gebruik die korrekte vorm van die verlede deelwoord in plaas van die werkwoord tussen hakies:

1. Ons is (beskerm) teen die koue.
2. My vriend het my (teleurstel).
3. Ek voel baie (teleurstel).
4. Wie eet nie graag (braai) vleis nie?
5. Die huis is verlede jaar (bou).
6. Die mense is (verdeel) in hul opienies.
7. Dit lyk of my vriend (verander) het.
8. Is sy (verander) vandat sy daar was?
9. Die pakkies is vir jou (bedoel).
10. Die wa staan klaar (laai).
11. Die kind is (bestem) om 'n groot man te word.
12. Daardie vrae het my heeltemal (verwar).
13. Ek sit (on + stoor) in my kamer.
14. My vader is 'n (ontwikkel) man.

15. Die hond is (leer) om te jag.
16. Vir watter dag is die vergadering (bepaal)?
17. Die datum is nog (on + bepaal).
18. Ek voel my baie (eer) oor die saak.
19. Die man is deur die poliesie (dagvaar).
20. Dit is lekker (inlê) vis.
21. (Afsonder) van sy medemense leef hy rustig en stil.
22. Die skelm is uit die tronk (ontsnap).
23. (Vra) of (on + vra), ek gaan in elk geval daarheen.
24. Die grond is (ploeg) en (eg).
25. Hy het (verbaas) na my staan en kyk.
26. Tien pond is die (vra) som.
27. Ons leef in die (verlig) twintigste eeu.
28. Jan kan nie (on + kam) en (on + skeer) hier binnekom nie.
29. Hulle is baie (stel) op hulle afkoms.
30. Hy kom (reël) tweemaal op 'n dag hier.

## OEFENING 23.

Gebruik die korrekte vorm van die verlede deelwoord in plaas van die werkwoord tussen hakies:

1. Jy eet met (on + was) hande.
2. Het jy 'n (skryf) kontrak?
3. In (vervlieg) dae het ek hom geken.
4. Die (graaf) gat is diep genoeg.
5. Hulle is (inneem) met die idee.
6. Hy verkoop (steel) goed.
7. Die saak is (afspreek).
8. Ek reken op sy (gee) woord.
9. Dit is 'n (verlaat) huis.

10. Piet is 'n (bedrieg) man.
11. Ons het vandag (betrek) lug.
12. Vir my is dit 'n (sluit) boek.
13. Jou moeite is (verloor).
14. Lees die (insend) stukke.
15. Hy is 'n (slyp) vent.
16. Hy is 'n (bedryf) werksman.
17. Die twee sake is nou (verbind).
18. Ek sal jou dit (wen) gee.
19. Piet was toe 'n (opskiet) seun van 18 jaar.
20. Daardie skepsel is van die duiwel (besit).

## OEFENING 24.

Skryf die volgende sinne oor met die werkwoord in die lydende vorm:

1. Die man slaan die hond.
2. Die perd het die kar getrek.
3. Die kat eet die muis.
4. Oor twee jaar sal Jan 'n huis bou.
5. Ons sal die werk teen aanstaande Dinsdag gedoen het.
6. Wie het Suid-Afrika ontdek?
7. Die magistraat mag die dief nie vryspreek nie.
8. My vriend sou die stoel gekoop het, as die winkelier minder daarvoor gevra het.
9. Ek besoek die teater dikwels, maar ek het hom nog nooit daar gesien nie.
10. Ek het hom gister genooi, maar toe het hy al 'n ander uitnodiging aangeneem.

## OEFENING 25.

Skryf die volgende sinne oor met die werkwoord in die bedrywende vorm:

1. Die brug sou deur die ingenieur gebou geword het, as ek eerder van die man gehoor het.
2. Dit word gesê dat die myn gesluit sal word.
3. Die haas is deur die jagter neergeskiet nadat hy deur die hond opgejaag was.
4. Deur wie is hierdie woorde in my boek geskryf?
5. Al die bome is deur die tuinier verplant, sonder dat hom deur my vader iets daarvan gesê was.
6. Deur sulke hulp sal die vrou nie veel gebaat word nie.
7. Daar is in die laaste tyd veel geld by ons gekollekteer.
8. Dié man kan nie van die waarheid oortuig word nie.
9. Deur wie is die boekdrukkuns uitgevind?
10. Die diewe sal kan gevang word, as daar meer moeite deur die poliesie gedoen word.

# HOOFSTUK XVI.

## **Die Werkwoord** (*vervolg*).

### I. KOPPELWERKWOORDE.

By die bespreking van die gesegde het ons gesien dat sommige werkwoorde alleen met die hulp van een of ander naamwoord of 'n naamwoordelike deel van die werkwoord 'n gesegde kan vorm. Verder het uit die definiesie van die gesegde geblyk dat die gesegde nie alleen 'n werking beteken nie, maar soms ook 'n toestand waarin die onderwerp verkeer, of besig is om in te kom. Dié werkwoorde wat saam met 'n naamwoord of 'n naamwoordelike deel van die werkwoord 'n gesegde vorm en die toestand van die onderwerp uitdruk, word genoem **koppelwerkwoorde**.

Die volgende is die vernaamste van dié soort: **is** (wees), **word**, **bly**, **skyn**, **lyk**, **blyk**, **heet**, **voorkom**. Met die byvoeglike naamwoord ,,ryk'' kan met elkeen van hierdie werkwoorde 'n gesegde gevorm word, soos blyk uit die volgende sin: **Jan is**, **word**, **bly**, **skyn**, **lyk**, **blyk**, **heet ryk**, of **kom my ryk voor**.

Met uitsondering van **word** en **bly**, word die koppelwerkwoorde ook soms as selfstandige werkwoorde gebruik, d.i. as hulle gevolg word deur die infinitief van **is**, nl. **wees**, b.v., **Jan skyn 'n ryk man te wees**. Dit kan natuurlik met **is** nie gebeur nie, maar **is** word soms selfstandig gebruik in die betekenis van ,,bestaan'': **Ons moet glo dat God is, sonder om dit te wil bewys.** Verder word **word** en **is** ook as hulpwerkwoorde gebruik, soos later sal blyk.

Daar is ook ander werkwoorde wat in die reël as selfstandige ww. gebruik word, maar in sekere uitdrukkinge die karakter van koppelwerkwoorde kry: **in die**

**war raak**; **bekend staan**; **moeilik val**, ens. Hieruit is dit duidelik dat 'n koppelwerkwoord ook wel ander dan naamwoorde as aanvulling van die gesegde kan hê. Volledigheidshalwe volg hier voorbeelde van naamwoordelike gesegdes wat uit die een of ander rededeel, of uit 'n byvoeglike of bywoordelike uitdrukking bestaan:

(a) **Selfstandige naamwoord**: Vader is **prokureur**.

(b) **Byvoeglike naamwoord**: Gert is **arm**.

(c) **Voornaamwoord**: Dit is **hy**.

(d) **Infinitief**: Die huis is **te koop**.

(e) **Deelwoord**: Die saak is **hangende**; die kamer is **gemeubileerd**.

(f) **Bywoord**: My broer is **weg**.

(g) **'n Uitdrukking**: Die vraag is **aan die orde**.

In enkele gevalle word die toestand waarin die onderwerp verkeer of besig is om in te geraak, deur middel van een werkwoord uitgedruk, in plaas van deur middel van 'n koppelwerkwoord met 'n ander woord of uitdrukking: **Die man verarm** of **word arm**; **mnr. S. kwakself** of **is 'n kwaksalwer**; **dit daag** of **word dag in die Ooste**.

## II. HULPWERKWOORDE.

In die geval van analietiese tale soos Nederlands, Engels en Afrikaans word die verskil in tyd, wyse, ens., van die werking, deur middel van hulpwerkwoorde aangedui, en nie deur middel van uitgange soos b.v. in Latyn nie. Hulle kan dus verdeel word in:

(a) Hulpwerkwoorde van **tyd**: **is, het, sal**. Die hulpww. **het** word gebruik om die voltooidheid van 'n handeling uit te druk: **Ek leer nou**; **gister het ek geleer**. Dit kom egter ook dikwels voor as selfstandige werkwoord: **Hy het 'n mes**. In dié gebruik is dit altyd oorganklik.

**Is** word soms in plaas van **het** gebruik vir die verlede tyd van werkwoorde wat 'n verandering van plaas of toestand aandui: **Wat het met hom of is met hom gebeur?** Verder word **is** ook vir die lydende vorm gebruik om die voltooidheid van die werking uit te druk: **Die kerk is gister ingewy.** In sommige gevalle word **geword** nog bygevoeg: **Ons is gevra geword om dit te doen.**

**Sal** word gebruik om die toekomstigheid van 'n werking aan te dui: **Môre sal hy eksamen doen.** Ook kom dit voor in uitdrukkinge wat verpligting te kenne gee: **Jy sál dit doen!** in die betekenis van: „Jy sal dit moet doen." Hierdie gebruik vind ons veral in die „Tien Gebooie."

Die verlede tyd van **sal** is **sou**: **Hy het gesê dat hy dit sou doen.**

'n Paar ander werkwoorde soos **gaan**, **loop** e.a. word soms gebruik om toekomstigheid uit te druk: **Die dame gaan vanaand sing.**

(b) Hulpwerkwoorde van **vorm**: **word** en **is**. Die eerste word gebruik vir die onvoltooide, die laaste, soos onder (a) aangetoon, vir die voltooide tye: **Die kind word gestraf**; **die kind is gestraf.** Die volledige vervoeging van hierdie twee hulpwerkwoorde word elders gegee.

(c) Hulpwerkwoorde van **wyse**: **kan, moet, mag, sal, wil, laat.** Hulle word ook genoem **modale** hulpwerkwoorde. Soms word hulle nog versterk deur 'n bywoord van modaliteit: **Hy sal dit stellig gedoen het,** waar **sal** sowel as **stellig** dien om aan te dui dat die werking min of meer 'n sekerheid is. By hierdie werkwoorde kan ook gereken word sulke woorde soos: **behoef**, **behoor**, **durf**, **skyn**, **lyk**, e.a. wanneer hulle deur 'n infinitief gevolg word: **My moeder behoort te weet**; **Hendrik skyn bedroef te wees.**

Al dié werkwoorde word dan gebruik om die verskillende betrekkinge aan te dui waarin die werking staan tot die werklikheid, nl. of dit wenslik, moontlik, waarskynlik, verpligtend, seker, ens., is. Hier volg enkele voorbeelde:

(1) U **kon** my miskien gered het.
(2) Wie **durf** dit doen?
(3) Hy **moet** die werk klaarmaak.
(4) **Mag** hy dit nooit hoor nie!
(5) **Sou** hy dit reeds weet?
(6) **Mog** ek hom sien, sal ek hom vra.
(7) Die oes sal vergaan, of dit **moes** dadelik reën.
(8) Julle **dien** versigtig te loop.
(9) Die gerug **blyk** die waarheid te wees.
(10) **Laat** die dief in die tronk stop.
(11) Hy **mag** wees wat hy wil, hy is my vriend.

## VERVOEGING VAN HULPWERKWOORDE.

### Hê.

1. **Aantonende Wys.**

Onvoltooide Teenw. Tyd: ek het.
Voltooide Teenw. Tyd: ek het gehad.
Onvoltooide Verl. Tyd: (ek had); ek had gehad.
Voltooide Verl. Tyd: ek het gehad.
Onvoltooide Toek. Tyd: ek sal hê.
Voltooide Toek. Tyd: ek sal gehad het.
Onvoltooide Verl. Toek. Tyd: ek sou hê.
Voltooide Verl. Toek. Tyd: ek sou gehad het.

2. **Aanvoegende Wys.**

Onvoltooide Teenw. Tyd: ek sou of mag hê.
Voltooide Teenw. Tyd: ek sou of mag gehad het.
Onvoltooide Verl. Tyd: ek had; ek sou of mag gehad het.
Voltooide Verl. Tyd: ek sou of mag gehad het.

3. **Gebiedende Wys.**

(Onvoltooide Teenw. Tyd): 2. jy moet hê.
3. hy moet hê.

4. **Onbepaalde Wys.**

Teenw. Tyd: hê, te hê, om te hê.
Verlede Tyd: (om) (te) gehad het.

5. **Deelwoorde.**

Teenwoordige: hebbende.
Verlede: gehad.

### Wees.

1. **Aantonende Wys.**

Onvoltooide Teenw. Tyd: ek is.
Voltooide Teenw. Tyd: ek is gewees; ek het gewees.
Onvoltooide Verl. Tyd: ek was, is gewees, of het gewees.
Voltooide Verl. Tyd: ek was gewees.
Onvoltooide Toek. Tyd: ek sal wees.
Voltooide Toek. Tyd: ek sal gewees het.
Onvoltooide Verl. Toek. Tyd: ek sou wees.
Voltooide Verl. Toek. Tyd: ek sou gewees het.

2. **Aanvoegende Wys.**

Onvoltooide Teenw. Tyd: ek sou of mag wees.
Voltooide Teenw. Tyd: ek sou of mag gewees het.
Onvoltooide Verl. Tyd: ek sou of mag gewees het.
Voltooide Verl. Tyd: ek sou of mag gewees het.

3. **Gebiedende Wys.**

(Onvoltooide Teenw. Tyd): 2. wees, of jy moet wees.
3. laat hom wees.

4. **Onbepaalde Wys.**

Teenw. Tyd: wees, te wees, om te wees.
Verl. Tyd: (om) (te) gewees het.

5. **Deelwoorde.**

Teenw.: synde.
Verl.: gewees.

## Word.

1. **Aantonende Wys.**

Onvoltooide Teenw. Tyd: ek word.
Voltooide Teenw. Tyd: ek het of is geword.
Onvoltooide Verl. Tyd: (ek werd); ek het of is geword.
Voltooide Verl. Tyd: ek was geword.
Onvoltooide Toek. Tyd: ek sal word.
Voltooide Toek. Tyd: ek sal geword het.
Onvoltooide Verl. Toek. Tyd: ek sou word.
Voltooide Verl. Toek. Tyd: ek sou geword het.

2. **Aanvoegende Wys.**

Onvoltooide Teenw. Tyd: ek sou of mag word.
Voltooide Teenw. Tyd: ek sou of mag geword het.
Onvoltooide Verl. Tyd: ek sou of mag geword het.
Voltooide Verl. Tyd: ek sou of mag geword het.

3. **Gebiedende Wys.**

(Onvoltooide Teenw. Tyd): 2. word; jy moet word.
3. laat hom word; hy moet word.

4. **Onbepaalde Wys.**

Teenw. Tyd: word, (om) te word.
Verl. Tyd: (om) (te) geword het.

5. **Deelwoorde.**

Teenw.: wordende.
Verl.: geword.

## III. ONPERSOONLIKE WERKWOORDE.

In verband met die bespreking van onderwerp en gesegde is reeds aangetoon dat daar sinne is waarin die onderwerp glad nie genoem word nie. Sulke werkwoorde waarvan die onderwerp nie genoem word of nie genoem kan word nie, heet **onpersoonlike** werkwoorde. Hulle word alleen in die **derde persoon gebruik** en kom voor:

(a) in die werkinge van die natuur: **Dit reën, sneeu, donder, kraak, spook**, ens.

(b) In sekere uitdrukkinge: **Dit gaan goed**; **dit ontbreek my aan tyd**; **dit is Saterdag**, ens.

Uit bowestaande sinne blyk dat die woordjie **dit** die plek in die sin inneem van die onderwerp. Dit moet egter duidelik wees dat **dit** nie in die werklikheid die onderwerp is nie, of op sy bes as 'n **onegte** onderwerp moet beskou word.

Die onpersoonlike werkwoord word ook met 'n onderwerp gevind in sinne soos die volgende: **Die wolke reën**; **God donder in die hemel.** En ook met 'n voorwerp: **Dit reën paddas**; **die volk reën verwyte teen hom.**

Soms neem die onpersoonlike werkwoord die vorm van die passief aan: **Daar word vanaand hier gedans. Daar** neem dan die plek van **dit** in die aktief, en die werkwoord moet beskou word as 'n **onegte** lydende vorm, aangesien die werkwoord ,,dans'' intransitief is.

In al die sinne is dit miskien beter om te praat van onpersoonlike sinne. Uit sulke sinne is dit duidelik dat die onderwerp nie 'n absoluut noodsaaklike bestanddeel van die sin is nie. Die werking is wel daar, maar die selfstandigheid waarvan die werking uitgaan, is hoegenaamd nie te noem nie.

**Opm.** Wanneer **dit** as voorlopige onderwerp diens doen vir 'n onderwerp wat later volg, moet die ww. nie as onpersoonlik gereken word nie: **Dit verheug my dat julle meegaan.**

## IV. WEDERKERENDE WERKWOORDE.

Wanneer die werking in die werkwoord opgeslote nie op 'n lydende voorwerp oorgaan nie, maar terugkeer tot die onderwerp self, d.i. wanneer die onderwerp en die voorwerp een en dieselfde persoon of saak is, word die werkwoord **wederkerend** of **refleksief** genoem.

In die geval van onoorganklike werkwoorde kan die werking natuurlik net tot die onderwerp terugkeer en nooit op 'n voorwerp oorgaan nie. Hulle word genoem **noodsaaklik-wederkerend** of ook wel **intransitief-refleksief**: **Hy skaam hom.**

As die werking ook op 'n lydende voorwerp kan oorgaan en dus alleen soms wederkerend is, word die werkwoord genoem **toevallig-wederkerend** of **transitief-refleksief**: **Hulle was hulle.**

Die wederkerende werkwoord word altyd gevolg deur die voorwerpsvorm van een of ander persoonlike voornaamwoord. Die vorm **sig** (Ndl. zich), wat in Nederlands vir die derde persoon altyd gebruik word, kom nog af en toe in die skryftaal voor, maar het as sulks geen reg van bestaan nie, aangesien dit in die spreektaal nooit gehoor word nie.*

Die volgende is 'n voorbeeld van die vervoeging van 'n toevallig-wederkerende werkwoord in die teenwoordige tyd. Die voornaamwoord bly natuurlik dieselfde vir die ander tye.

### ONVOLTOOI TEENWOORDIG.

| Enkelvoud. | | Meervoud. | |
|---|---|---|---|
| 1. | Ek was my | 1. | Ons was ons |
| 2. | jy was jou | 2. | julle was julle |
| | u was u | | u was u |
| 3. | hy was hom | 3. | hulle was hulle. |
| | sy was haar | | |

* In verbinding met **self** is dit gebruiklik, b.v.: Die saak is, op **sigself** beskou, goed.

In onderstaande twee kolomme word enkele voorbeelde gegee van albei klasse:

| **Toevallig-wederkerend.** | **Noodsaaklik-wederkerend.** |
|---|---|
| Ek kleed my. | Ek vergis my. |
| Jy oefen jou. | Jy bedenk jou. |
| U verbind u. | U beroep u. |
| Hy bedrieg hom. | Hy ontferm hom. |
| Sy verberg haar. | Sy bemoei haar. |
| Ons verbeter ons. | Ons bekommer ons. |
| Julle buig julle. | Julle bevind julle. |
| Hulle bevry hulle. | Hulle begewe hulle. |

(In die derde persoon word die woord ,,self'' soms aangevoeg, waarskynlik om misverstand te voorkom, b.v. **Hulle beskuldig hulleself**. Vergelyk hiermee die Engels ,,himself,'' ,,themselves,'' ens.)

As die werking in die werkwoord vervat in die werklikheid deur iets anders veroorsaak word, soos in: **Die skip beweeg hom in 'n oostelike rigting**, dan word die voornaamwoord dikwels weggelaat. Dit vind veral plaas met 'n onderwerp wat 'n saak aandui, en nie 'n persoon nie, soos verder blyk uit die volgende voorbeelde:

(a) Die berg splits (hom) hier in twee dele.

(b) Afrikaans het (hom) uit Nederlands ontwikkel.

In ander gevalle word die lydende vorm verkies, b.v., **Die invloed van die skoolmeester is beperk** (i.p.v. **beperk hom**) **tot die skool**.